beginselen der aardrijkskunde en die der geschiedenis, zowel algemene als die van Zuid Afrika en der Zuid Afrikaanse Republiek in het biezonder; waarbij als aanbeveling gevoegd wordt: onderwijs in de beginselen der wiskunde en letterkunde, het tekenen en boekhouden, benevens muziek en handwerken voor meisjes ; en

*c.* Hoger onderwijs, overeenkomstig nader te maken bepalingen.

Art. 5. De Superintendent van onderwijs beslist, uit de opgezonden verslagen, zowel als door inspektie, hoevele kinderen in de respektieve scholen geacht moeten worden elementair en hoevele middelbaar onderwijs te ontvangen, overeenkomstig Art 4 van dit Reglement.

Art. 6. Waar het onderwijs voldoet aan de eis van dit Reglement, geeft de Regering een jaarlikse toelaag van £3 voor elke leerling die elementair en £5 voor elke leerling die middelbaar onderwijs ontvangt. Deze toelagen worden uitbetaald 4 malen's jaars, nadat de Superintendent de verslagen der verschillende scholen zal hebben nagezien en deswegens aan de Regering zal hebben gerapporteerd. Op aanbeveling van de Superintendent van Onderwijs geeft de Regering een honorarium van £ tot £ per jaar aan enige onderwijzer wiens school het bewijs levert van buitengewone bekwaamheid en vlijt, berekend naar de graad van verdienstelikheid.

Art. 7. Het onderwijs zal gegeven worden in de Nederduitse taal.

## TOELIGTING.

Laat ons nou hoor hoe Ds. Du Toit die wet toelig. Hij doen dit in 'n antwoord op 'n adres uit Rustenburg ontvang. In die toeligting lê punte wat nie straffeloos deur latere wetgewers verwaarloos is nie. Lees maar oplettend:

"Ik wilde niet bouwen zonder fondament. En deze vooraf vastgestelde grondbeginselen kunnen wij onder drie hoofdpunten samenvatten :—

1. Het onderwijs moet gegeven worden in Christelike (hoe wel niet juist konfessionele) geest ; de Bijbel moet de ereplaats hebben in de school.

2. De ondersteuning der H.E. Regering moet gelijkelik toegekend worden aan dorpeling en buitenman, eenvoudig berekend naar verdienste, ge-evenredigd aan het aantal leerlingen en de graad van onderwijs.

3. Het onderwijs zelf moet ingericht zijn overeenkomstig de behoeften van ons land en volk.

Over No. 1 behoef ik niets meer te zeggen. Ik weet dat de bevolking des lands met mij daarin overeenstemt. De Bijbel heeft ons gemaakt wat wij zijn als volk ; het in ere houden van dat boek is ons behoud, de verwerping daarvan onze ondergang als volk.

Ook punt 3 vereist niet veel toelichting. Een paar voorbeelden doen onze bedoeling genoegzaam kennen. Wij willen dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onze kinderen de gelegenheid hebben om alles wat nuttig is te leren, maar zij moeten beginnen met het noodzakelikste. Zij kunnen andere talen leren zo zij willen, Engels, Duits, Latijn, enz., maar eerst onze Hollandse taal. Zij kunnen leren zingen Kinderharp, Sankey, enz., zo zij het verlangen, drie of vierstemmig; maar laat hen eerst onze Psalmen en Gezangen kunnen zingen. Laat hen desverkiezende Geschiedenis, Aardrijkskunde, enz., leren; maar altoos in de eerste plaats die van ons eigen land, en daarna van andere landen. Zo doet men in alle landen en waarom moeten onze kinderen dan tot vreemdelingen gemaakt worden door slechts het vreemde te leren? En ter praktiese toepassing van dit punt hebben wij opzettelik de vereisten bij het lager onderwijs zo gesteld, dat zij slechts omvatten wat voor elke Boerenzoon onmisbaar is: lezen, schrijven, zingen, rekenen.

Maar vooral op punt 2 leggen wij nadruk, als van groot be lang voor onze bevolking. Vroeger werd de dorpsbevolking uitsluitelik ondersteund, en de Boerenbevolking—zijnde toch de eigenlike bevolking des lands—kreeg bijna niets uit staatskas voor onderwijs. Ziet hier een proeve. Volgens gespecificeerde Begroting voor het departement van onderwijs voor 1881, op ons kantoor aanwezig, bedroeg de toelage voor dorps scholen £4,991, voor de kaffers £1560, en voor de gehele Boerenbevolking slechts £552. Hieruit blijkt:

*a.* Dat de kafferbevolking ongeveer *driemaal* en de dorps bevolking ruim *negenmaal* zoveel kregen voor onderwijs als de Boerenbevolking.

*b.* Berekent men de dorpsbevolking als slechts één tiende van de blanke bevolking des lands, dan betaalde de Regering voor het onderwijs van één dorpscholier zoveel als voor 100 boerenkinderen.

Nu betaalt de Regering, volgens de nieuwe Schoolwet, ge lijkelik, en de boer heeft gelijke kans met de dorpeling. Maar hoe nu van deze kans het beste gebruik gemaakt? Er zijn twee plannen tot nog toe gevolgd om 't onderwijs onder de boerenbe volking te bevorderen: 1) door rondgaande onderwijzers, 2) door wijkscholen op te rigten. Het eerste plan was tot nog toe merendeels een mislukking, omdat bekwame en degelike onderwijzers zich niet gaarne aan zulk een onbestendige levenswijze willen overgeven. Toch, de nieuwe wet laat opening om ook zulke scholen te ondersteunen, waar een onderwijzer enige weinige kinderen in huis onderwijst.

Maar het plan dat in de Kaapkolonie beter beantwoordt en steeds meer veld wint is *het stichten van wijkscholen.* Om dit in de Republiek te bevorderen geven wij de volgende wenken: Laat in elke wijk (niet juist veldkornetschap, naar omstandig heid, zegge 6, of 8, of 10 plaatsen) de inwoners samenwerken; laat hen de meest centrale plaats kiezen en samen daar een schoolgebouw met onderwijzerswoning optrekken; laat hen dan jaarlikse aandelen nemen, zegge van £5 of £6 per aandeel, met recht om één kind voor elk aandeel een jaar lang te laten onder wijzen. Dit maakt zulk een school tot een blijvende inrichting in zulk een buurt; de kinderen kunnen dan 's morgens naar school gaan, een stukje eten voor de middag medenemen en 's avonds

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

naar huis terugkeren ; die daartoe te ver wonen kunnen bij de onderwijzer in de kost gaan van Maandag morgen tot Vrijdag avond ; waar men gebrek aan werkvolk heeft kunnen de kinderen dan om de beurt de school bezoeken. Volgens dit plan krijgen de kinderen goedkoper en degeliker onderwijs, en blijven toch onder het huiselike opzicht der ouders. Heeft men nu van 20 tot 30 leerlingen in zulk een buurt, dan heeft men uit de aandelen £100 tot £150 per jaar, en met staatstoelage kan men een onderwijzer een salaris van £200 per jaar met vrije woning waarborgen en daarvoor zie ik kans degelike, bekwame onderwijzers te krijgen in het land. Al zou men slechts 15 kinderen hebben in een buurt, dan geven de schoolgelden £75 per jaar ; de Regering geeft mede ongeveer £45 ; dat maakt £120 ; geeft men nu een onderwijzer een woning met tuin en enige voorrechten, dan heeft men toch nog kans een bekwame man te krijgen.

Ik ben blijde dat dit plan van vaste scholen in de buitenwijken, nog overal waar ik het voorgesteld heb, geredelik gevolgd werd. Zo is men reeds bezig zulke scholen op te richten ; 2 of 3 in het distrikt van Heidelberg ; 3 in het distrikt van Pretoria ; 3 of 4 in dat van Rustenburg, en 1 in dat van Potchefstroom." (*P.* 14 Julie '82.)

## "Geen smid in Israel."

Ons herinner hier aan die vermaarde preek van Ds. Du Toit, getiteld: "Geen Smid in Israël" en opgenome in die "Huiskerk." Op die onderwerp kom hij terug in 'n ander antwoord aan burgers van Rustenburg, aldus:

"En hiermee is meteen aangewezen het beginsel en einddoel van ons streven in zake het onderwijs : de vorming van een eigen volk. Daartoe is natuurlik eis, onze jeugd niet wetenschappelik op een vreemde baan te voeren en tijd en krachten te verspillen in een vreemde taal. in een vreemde geschiedenis en in geheel vreemde denkbeelden, als of het hoogtepunt der geleerdheid bereikt ware in het uitblussen van alle eigen nationaliteit, gelijk tot hiertoe maar te veel het geval was. Neen, daartoe zij ons pogen de wetenschap op eigen bodem over te planten en in onze eigen nationaliteit te doen wortelen volgens onze maatschappelike en staatkundige behoeften.

Om, ten slotte, onze mening te verduideliken, slaan wij een bladzijde op uit de geschiedenis van 't oude volk Israel, nu nog voor ons zo leerrijk. Leest het in 1 Sam 13 : 19—22. Saul meende een eigen volk gevormd te hebben. Maar één zaak had hij vergeten : "Er was geen smid in Israel." Men moest naar de Filistijnen gaan om ploegijzer of houweel te doen scherpen. En gevaarlik is 't steeds voor een volk, in enig opzicht van een ander volk afhankelik te zijn. Dat bleek weldra. Er kwam krijg tussen Filistijnen en Israelieten, en 't gevolg was ; de Israelieten hadden geen zwaarden, want de Filistijnen weigerden wapenen tegen zichzelven te smeden.

Ongeveer aldus stond 't ten onzent met het onderwijs tot hiertoe. 't Was meestal in handen der vreemden, en die deden

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hun best om (listiglik) onze zonen tot vreemdelingen te maken Wat wij op wetenschappelik gebied behoeven, is: eigen smeden. Ons Afrikaans staal is goed; het moet maar behoorlik gesmeed en gescherpt worden. Ons hoofddoel in de aanvaarde betrekking is in deze behoefte te voorzien. Helpt ons om dit doel te bereiken!" (*P.* 28 Apr. '82).

Op die grondslaë, deur Ds. Du Toit, neergeleg, werd gebouw totdat die grote oorlog uitgebreek het. Die beginsel werd aldeur gehandhaaf, dat die ouers vir die skole moet sorg, terwijl die regering subsidieer.. Misskien kon dit later volle werkelikheid geword het, want na die oorlog het die C. N. O. beginsel kragtig opgeleef en het talrijke C. N. O.-skole opgestaan. Maar ongelukkig werd die beweging deur die skoolwet van Lord Milner en genl. Smuts die kop ingedruk.

### "Gedenkschool der Hugenoten."

Omdat verskeie lesers van hierdie boek leerlinge van die Gedenkskool was en omdat Ds. Du Toit in nouw verband daarmee gestaan het, ja ook daarvan die vader kan genoem word, gee ons hier van die skool 'n korte, historiese relaas.

Jarelang het Ds. Du Toit met krag van oortuiging en taal die saak bepleit onder die skrijfnaam "Ware Afrikaner." Ons neem net 'n stukkie oor om die leser iets van sijn drijfveer te laat voel:

"Reeds in die Almanak van 1877 het ek 'n oproeping gedaan an die afstammelinge van die Hugenote om met die twede Eeuwfees, in 1888, 'n gedenkteken op te rig en also die gedagtenis van hulle vrome voorouers in ere te hou. In elke jaar syn Almanak het ek die oproeping herhaal. Laaste jaar het ek 'n plan tot voorlopige werksaamheid an die hand gege. Goedkeuring is van verskillende kante uitgesproke; byval is deur verskeie persone betuig; medewerking is deur vele toegeseg. Mar tot nog toe is daar nix *gedaan* nie. In plaas van egter hierdoor ontmoedig te wees en die saak te laat vaar, het ek met belangstellende intussen daaro'er geraadpleeg en kom nou met 'n bepaalde voorstel voor die dag.

Om 'n doje monument, net mar van bakstene en klei, ver ere en sieraad, op te rig, is in stryd met die gesindheid en onwaardig an die nagedagtenis van die vrome Hugenote wat vaderland en goed en bloed opgeoffer het ver Gods ere alleen. Né, die beste en nuttigste Gedenkteken wat ons kan oprig is 'n *Skool,* na die behoefte van ons land en volk en kerk. Dit moet dan wees 'n regte *Nasionale* Skool, waarin eerbied ver ons Voorgeslag, liefde ver ons Volk, kennis met ons Geskiedenis, en ware Nasionaliteitsgevoel angekweek word:

'n regte *Afrikaanse* Skool, waarin Hollans en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoort grondig geleer word, mar in ons eie taal en vollens ons eie beginsels;

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n regte *Hugenote* Skool, waarin die gees van onse vrome voorouers so veel as molik is geeerd, bewaard en opgewek word by hulle nageslag;

'n regte *Christelike* Skool, waar die Bybel nie in die hoek leg nie, maar op die ere plaas, soos dit an die Woord van onse Here en Koning toekom, en nie net mar buiten skooltyd gelees word nie, mar die grondslag is van alle onderwys;

'n regte *Gereformeerde* Skool, waar die jeug die suiwere leer van jongs af leer ken en bely en onse Psalme leer sing;

'n regte *Normaalskool* om onderwysers op te lei ver onse Boerebevolking;

'n regte *Opleidingskool* ver jonge Afrikaners wat naderhand ver predikante of dokters of wat oek wil studeer, waarin die fondament eers goed by hulle kan geleg worde;

'n regte *Burgerskool*, waar Boerekinders in korte tyd 'n degelike burgerlike opvoeding kan kry, sodat net die nodigste dinge *goed* geleer word;

'n regte *Kosskool*, waarheen ouers uit verskillende dele van ons land hulle kinders kan stuur, wetende dat hulle veilig is en onder goeje toesig;

'n regte *Vrye* Skool, sonder Gouwermentssalaris, en oek sonder Gouwermentsbeperking;

'n regte *Goedkope* Skool, waar die kinders in die nederige lewenswyse en eenvoudige sede van ons voorouers opgekweek word, sodat selfs arme hulle kinders goed kan opgelei worde; kos en kleding eenvoudig, mar goed;

'n regte *Gedenkskool*, waarin oue gedenkstukke, geslagregisters, portrette, ens. van die Hugenote Families versamel en bewaar word.

Dat daar tot nog toe nie so 'n Skool bestaat nie, weet elkeen. Dat so'n Skool die nodigste ding is ver ons land en volk, sal elke egte Hugenoot erken. En om nou 'n naam te kry wat die beste ons doel uitdruk, wat tot 'n gedenkleus en shibboleth (Rigt. 12: 5, 6) van die opregte afstammelinge van die Hugenote kan wees, en wat elkeen syn hart en gewete toespreek. noem ons so'n Skool "DIE REGTE HUGENOTESKOOL."—(*P.* 24 Dec. '80).

### DIE MEDIUM-KWESSIE!

Dié taal het ingeslaan, veral waar van verskillende punte so 'n lewendige verklaring gegee werd. Hier is 'n proef:

"Die twede kenmerk moet wees:—'n regte *Afrikaanse* Skool, waarin Hollans en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoort grondig geleer word, mar in ons eie taal en vollens ons eie beginsels.

Dat 'n kind deur middel van syn moedertaal moet geleer worde, stem elke opvoedkundige toe. Manne soos Dr. Dale en Dr. van Oordt, het herhaaldelik, o.a. laas voor die Parlements Kommissie ver Onderwys dit rondborstig verklaar. Die Kommissie is dan oek so ver owertuig van die noodsakelikheid hiervan, dat hulle voorstel om dit vry te laat dat die kinders geleer word in die taal wat hulle spreek. Hiero'er hoef ons nie langer

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te redeneer nie. Aileen wil ons nog hier byvoeg, dat die onderwys in 'n vreemde taal—hier Engels—die gees van die kinders verstomp; hulle word gewend om uit die hoof te leer sonder te verstaan, om na te praat sonder te denk.

Mar nou kom hier die hoofpunt: *Wat* praat ons kinders, Hollans of Afrikaans? Sou onse jonge kinders verstaan wat jy hulle uit 'n Hollanse boek voorlees, of as 'n Hollander, hoog Hollans praat? Ongetwyfeld né. Daarom seg ons "Hollans en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoor, moet grondig geleer worde, mar alles in ons *eie* taal en vollens ons *eie* beginsels." Hollans en Engels word grondig, taalkundig, geleer, mar deur middel van Afrikaans." (*P.* 14 Jan. '81).

## EERSTE AANSTALTES.

Geld vir so 'n skool werd gekollekteer in verskillende dele van die land. Ons lees dat twee Mnre. Hauptfleisch in Richmond distrik oor die £300 byeen gebreng het. Dan word verder bydraë vermeld uit Calvinia, Harrismith, Beaufort Wes, Philipstown, Natal, Kroonstad, ens. (*P.* 20 Jan. '82).

Aangaande die eerste aanstaltes gee ons net hierdie brokkie:

"Op 8 Nov. laas het di komite o'er di Gedenkskool 'n verslag gegé van hulle werksaamhede an 'n 100 tal belangstellende vrinde, wat op uitnodiging van di komite vergader het op di plaas Kleinbosch te Daljosafat. Di verslag is volledig opgeneem in di *Patriot* en o'erge druk in di "Afrikaanse Almanak ver 1882."

Daarin werd melding gemaak van 'n oproeping van "Ware Afrikaner," in di Almanak ver 1877 en van vollende jare an alle afstammelinge van di Hugenote in Suid Afrika. Di oproeping had ten doel om di nagedagtenis van onse voorouers in ere te hou; 'n Gedenkteken daartoe op te rig, en 'n Fees te hou in 1888.

Verder, dat "Ware Afrikaander," bemoedig deur instemming van verskillende kante betuig, en toesegging van medewerking, besluit het om di hand an di ploeg te slaan, en in di Afrik. Almanak ver 1881 'n plan an di hand te ge. Hy had daaroer nagedag, met belangstellende geraadpleeg en is so tot di besluit gekom, dat 'n Gedenkskool in die Paarlse distrik opgerig die beste en nuttigste Gedenkteken sal wees Die skool moes dan wees na die behoefte van ons land, volk en kerk. Daartoe werd uitvoerige wenke gege omtrent die inrigting en uitvoering daarvan.

Op 13 Dec. 1880 had Ware Afrikaner 'n vergadering met belangstellende o'er die saak, en hulle besluit om di uitvoering daarvan in hande te stel van 'n Komite; wat toen oek benoemd werd, met mag om uit te brei as dit nodig is. Later werd enige lede bygevoeg.

In di verslag word verder gemeld van nog 2 voorstelle ver 'n Gedenkteken: 1). 'n monument met gepaste inskrifte te bou op di Paarlse mark; of 2) 'n Waterkuur inrigting tot stand te bring in di Paarl. Na 'n lange beraadslaging besluit die Komite eenparig om di oerspronkelike plan van "Ware Afrikaner" an te neem en u t te voer as di doeltreffendste.

Met di bespreking van die *plaas* waar di Gedenkteken dan n oes kom, werd di andag van di komite, deur di verteenwoordigers u't di Dal, bepaal by 'n kleine vrye skool daar, op positief gristelike beg'n sels gegrond, en in die gees van di voorgestelde Gedenkskool; dat d ar 'n komite gevorm is om ruimer voorsiening te maak, omdat di skool

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

opgang maak, dog by di benoeming van 'n komite ver 'n Gedenkskool het hulle besluit om 'n anbieding te doen. Di anbod was heel aannemelik Di komite besluit egter eenparig om di ander wyke oek geleentheid te ge, om anbiedings te doen en intussen 'n kommisie af te vaardig om di anbieding uit Daljosaphat verder te gaan inspekteer." (*P.* 10 Febr. '82).

Die vestiging van die skool het eindelik te Kleinbos plaas gevind. Die opening op 1 Febr. 1882 was 'n dag van kleine dinge:

"Die plegtigheid had plaas in 'n huis van meneer J. G. du Plessis waar die Vrye Gristelike Skool die laaste tyd in gehou is, en wat hy goedgunstig ver die doel afgestaan het, daar die lokaal ver die Gedenkskool nog nie gereed is nie. Die onderwyser ver die V. G. Skool was wegens siekelike omstandighede afwesig. Behalwe kinders uit die buurte was drie kosskoliere teenwoordig: 1 uit die Paarl. 1 uit Klein Drakenstein, en 1 van Aberdeen. Die vader van die laaste was self teenwoordig.

Op versoek van die Voorsitter van die Komite werd die verrigtings met gebed geopend deur 'n Komitélid.

Na 'n kort woortjie van inleiding, lees Oom Lokomotief, wat in afwesigheid van die onderwyser vereers die leiding op sig neem en tydelik behulpsaam sal wees in die skool, 'n gedeelte van Deut. 6 en 11. Spreek toen 'n ernstig woord tot die ouwers oer opvoeding en onderwys. Treffend het hy lat uitkom dat 'n opvoeding en onderwys wat nie ten doel had om 'n kind ver die eeuwigheid op te lei nie, hom oek nie ver syn teenwoordige bestemming kan vorm nie. Duidelik werd voorgesteld watter verantwoordelikheid op die ouwers rus, waarvan die onderwyser niks afneem nie. Daarom was dit 'n saak van groot gewig an *wie* ouwers hulle kinders toevertrou. 'n Onderwyser dien die volle vertrouwe van kinders te he, anders was dit onmolik om syn moeilik werk te kan verrig. Hy had die werk tydelik op hom genome, mar versoek die ouwers ernstig om gen kinders te stuur as hulle dit nie met volle vrymoedigheid an syn sorg kan toevertrou nie. Eindelik beveel hy hom in hulle voorbede an.

Op versoek werd die Afrikaanse Volkslied deur die kinders gesonge, en werd die plegtigheid met 'n Psalmvers en gebed gesluit.

Die agtermiddag is onderwyser en kinders toen weer bymakaar gekom om die skoolwerk te reel." (*P.* 10 Febr. '82).

## GESUKKEL.

Hoe die skool—met hoë ideale begonne—die eerste tijd moes sukkel, blijk uit die volgende:

"Di Bestuurslede van "di Gedenkskool der Hugenoten" in Dal Josafat, is deur di vernuwde blyke van belangstelling wat di nuttige inrigting in di laaste weke ondervonde het, seer bemoedig geworde. Dit was nodig oek; want di manne het in di laaste tyd mar swaar moet beur om di skool in stand te hou. Deur di druk van di tyde was meer as een ouer genoodsaak, om syn kind nà huis te laat kom; omdat hy di logiesgelde ni langer kon bekostig ni. So het di skool veul van syn kosleerlinge verloor. Daarby kom nog dat di geagte onderwyser Eerw. S. du Plessis, wat met soveul segen daar gearbeid en van wiens arbeid di vrugte in di tyd en in di eeuwigheid openbaar sal worde, uit hoofde van gesondheid en deur andere omstandighede syn betrekking neergeleg het. Dit was 'n donkere tyd ver di inrigting toen meneer du Plessis vertrek; en meer as een het gedag dat di skool nou gerus kan gesluit worde. Selfs in di Synode is met 'n seker welgevalle op di kwynende toestand van di Gedenkskool gewys. An te'enstanders

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het d t di skool van di begin af aan tot nou toe ni ontbroke ni; en ons het selfs van verwensings gehoor, wat duidelik toon hoeveul vyandskap daar in sekere kringe teen di skool bestaat. "Doch hulp van God verkregen hebbende," staat di inrigting "tot op dezen dag."

Toen di sake op syn donkerste was, is dit di Bestuurslede geluk, voorlopig di dienste as onderwyser te verseker van 'n oud-leerling van Eerw. du Plessis, meneer J. A. Liebenberg; die ons mag hom eigenlik ni in syn gesig prys nie 'n waardige opvolger van syn geëerde leermeester blyk te wees. Tot dus verre had di Heere geholpe en kon di werk geregeld voortgeset worde; mar tog om so 'n skool wat gen oulap gouwernementsgeld kryg in deuse sware tyde op te hou, daar behoor wat toe. As 'n ligstraal in di donker en 'n verhoring op di gebede, kom daar di onverwagte tyding dat in Beaufort West en Hopetown distrikte deur belangstellende vrinde 'n insameling van geld en skape is gedaan; so's ons in vorige Nos. met dank vermeld het. Iedereen kan self begryp, hoe dit di harte van di Bestuur verblyd en hulle hande gesterk het.—Ons is o'ertuig as di vrinde op andere plekke ook hande an di werk wou slaan, dan kon daar veul gedaan worde; en di te'enstanders sou o'ertuig *moet* worde dat di ware Afrikaners in di land wel degelik instaat is, om di Inrigting in stand te hou. Nou werd daar geseg: *"Hulle kan ni en hulle wil ni."* Ons het nooit geloof dat dit di waarheid is. Ni omdat hulle ni *kan* of ni *wil* ni, of dat daar geen *belangstelling* is ni; mar omdat daar geen *algemene samenwerking* van di voorstanders is ni, daarom kwyn di skool. As ons dit seg, vergeet ons volstrek ni wat deur sommige vrinde in vro'er jare al gedaan is ver di saak; ne, dit blyf in dankbare herinnering vortlewe.

Met di skool staat of val 'n beginsel. En uit di diskussi in di Synodale Vergadering oer sommige beskrywingspunte is dit duideliker geworde as ooit tevore, dat skole, waar *Gristelik* onderwys in *Afrikaanse* geest gegewe word, in ons land onmisbaar is; anders voer di stroom alles mee en is di Afrikaanse nationaliteitsbeweging binne weinige jare 'n *spotwoord!* Di gedagte kan gen *ware* Afrikaner, wat syn land en syn volk lief het, 'n ogenblik dulde, daarvan is ons vas oertuig; en daarom het ons oek volle vrymoedigheid om 'n woordji ten gunste van di Gedenkskool te skrywe, en di voorstanders oeral op te wek om di voorbeeld van di vrinde in Beaufort West en Hopetown na te volge." (*P.* 19 Nov. '86).

## DS. F. S. DU TOIT.

Maar die skool het eindelik gaan bloei. Dit het saamgeval met die koms van Ds. F. S. du Toit, sedert 1889 die hoofonderwijser.

Met 'n onuitsprekelike gevoel van piëteit en waardering denk die skrijwer van hierdie boek aan die onderwijser van sijn jeug, die man aan wie hij sijn grondvorming te danke het—'n man van goeie geleerdheid, beslistheid en vaste beginsele, en tog innemend van aard, vrindelik en hartelik, die voorkomendheid en beleefdheid in persoon. Die skrijwer hiervan sien nog sijn korte, gesette gestalte, slaat nog gade sijn haastige, enigsins waggelende gang, grijp nog weer aan die korte, vaste hand, en kijk weer in die van gesondheid blosende aangesig. Hij denk aan die daë toen Ds. F. S. vir hom die model-mens was, aan

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die ure toen sijn meester hom geroep het om met hom in die studeerkamer te bid, aan die Sondagmôrens waarop ons sijn praktiese preke aangehoor het, vol van lewenswijsheid, wat nog naklink in die oor. Waarom kon nie alle Afrikaners sulke onderwijsers hê nie?

Skrijwer hiervan het bij Ds. F. S. geleer tot bij School-Hoger toe. Maar allermees het hij geniet die onderwijs in Bijbelse, Algemene, Vaderlandse en Kerkgeskiedenis. Ja, geskiedenis was Ds. F. S. sijn sterke punt. Daar was selfs 'n eksamen in die "geskiedenis van die dag", om uit te vind wie die beste die koerante gelees het!

Wanneer krij ons súlke meesters en—súlke skole? Hoeveel manne, daar gevorm, is vandaag voormanne in politieke en kerkelike sake? Dit was 'n ware, nasionale *volkskool.*

Ds. F. S. du Toit, bij die sluiting van die skool predikant geword van die Herv. gemeente te Ventersdorp en aldaar onlangs oorlede aan maagverswakking, Ds. F. S. sal in die herinnering van honderde voortleef als 'n Afrikaanse pedagoog van die egte soort.

Ook sal skrijwer hiervan Ds. F. S. nooit vergeet nie, omdat hij was die trouwe vrind van Ds. S. J. du Toit, deur dik en dun, onder die swaarste beproewings. Ds. F. S. het nie geskroom nie om vir sijn vrind in die bres te staan, al was dit ook ten aanskouwe van die hoogste kerkelike vergadering. 'n Ere-saluut aan sijn nagedagtenis!

Laat ons nou uit Ds. F. S. sijn pen verneem die latere lotgevalle van die Gedenkskool. Hier volg wat hij ons enige jare gelede daaromtrent berig het.

## LATERE LOTGEVALLE.

"De Gedenkschool werd geopend op 1 Feb., 1882, als een protest tegen de neutrale Goevernement-School. Zij bestond enige jaren lang als een klein privaat schooltje (1882—1889). Had in die tijd tot onderwijzers de heren Pannevis, D. F. du Toit, (Lokomotief), D. S. A. du Toit en H. S. du Plessis.

Na de ontdekking der Goudvelden werden er door het Komite, (daartoe in staat gesteld vooral door de gebroeders D. F. en S. J. du Toit), maatregelen genomen om deze inrichting aanmerkelik uit te breiden, zodat het in der waarheid een volkschool zou wezen.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

De plaats *Kleinbosch* werd daarvoor verkregen, de nodige gebouwen opgetrokken en Ds. F. S. du Toit, destijds predikant te Nieuw Bethesda, als Hoofdonderwijzer beroepen.

De school werd heropend op 1 Oct., 1889 met 11 kostleerlingen en ongeveer 20 "dagscholieren". Weldra moest een tweede onderwijzer aangesteld worden en daarna een derde.

Van uit verschillende delen van Z. Afrika kwamen er aanzoeken om in de Gedenkschool opgenomen te worden. Het scheen werkelik of deze school in een bestaande behoefte voorzag.

Vele welbekende jonge Afrikaners die vandag verantwoordelike betrekkingen in Kerk en maatschappij innemen, hebben hun voorlopige opleiding daar gehad. (Indien namen vereist worden, denk dan aan Dr. du Toit, (Potchefstroom), Dr. du Toit, (Z. A College), Dr. Malherbe, (Grey College), Dr. Malherbe, (Universiteits College, Pretoria . Dr. Abr. Perold, Dr. Visser, (Carnarvon), D. P. du Toit, (tans Editeur "Westen"), en zovele anderen.)

Doch die inrichting had ook van haar geboorte-uur af aan met tegenstand te kampen. Niet alleen had men het grote gewicht van kerkelik invloed in de schaal tegen zich, maar zelfs vele welbekende Afrikaners die *in beginsel* meegingen, konden het toch maar in de praktijk nog niet zover brengen om hun kinders aan die verachte Gedenkschool in Dal Josaphat te laten opleiden. In vele gevallen had de plaatselike domine ook een woordje er in mee te praten, en die domine was in de regel geen vriend van vrije, Christelike scholen. De grote stroom was maar naar de dorpscholen, waar de jongelui aan allerlei "sports" konden deelnemen en gedurig binnen bereik van allerlei vermakelikheden zich bevonden.

Een ander bezwaar tegen de Gedenkschool was: "Er wordt niets dan Afrikaans geleerd". Menigeen geloofde dit en werd afgeschrikt.

Menigeen die maar weinig waarde hechtte aan beginselen meende dat 'n opleiding aan een of ander grote school voor het dageliks leven toch meer waarde had dan al hetgeen aan de Gedenkschool gedaan werd tot ontwikkeling van het godsdienstig en zedelik leven in echt Afrikaanse geest.

Daar vele ondernemingen in de Goudvelden, waar de ondersteuners van de Gedenkschool in betrokken waren, mislukten, begon de inrichting welhaast met geldelike moeilikheden te kampen en ongelukkig dat,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

zodra men de hand in de zak moet steken, zovele van onze Afrikaners *beginsels* overboord werpen, en eenvoudig vragen: Waar en hoe kan ik mijn kind het goedkoopst geleerd krijgen?

Een opmerkelik teken des tijds was, dat de vorige Superintendent van Onderwijs in de Kaap Kolonie, Sir Langham Dale, vrijwillig aanbood om aan de Gedenkschool staatsondersteuning te geven, hoewel zo iets tegen de wet zou wezen, daar de Gedenkschool in de onmiddelike nabijheid van een Goevernement School gelegen was. Zelfs toen zijn aandacht op dat bezwaar gevestigd werd, beloofde hij dat dit geen hinder zou wezen. Wie herkent niet hierin de hand van de vijand?

Die beweging ten gunste van vrij Christelik onderwijs moest gesmoord worden, koste wat het wil.

In 1895 nam de Gedenkschool staatstoelage aan, en werd dus Goevernements School. Tweederlei oorzaken hebben daartoe geleid:

1) De geldelike zaken waren in zeer benarde toestand. Met hulp van Goevernement meende men iets aan de opvoeding van arme kinders te kunnen doen.

2) Men meende dat het doel van die beweging bereikt was, namelik om het godsdienstig, Bijbels onderwijs *gedurende schooluren* erkend te krijgen.

Tot in de loop van het jaar 1899, verkeerde de Gedenkschool in bloeiende toestand. Vele van hare leerlingen passeerden met goed gevolg de Elementaire en School Hoger eksamens, terwijl in de jaarlikse eksamens van de Z. A. Taalbond de leerlingen van de Gedenkschool steeds eervolle posities innamen, en vele medaljes en andere prijzen door hen gewonnen werden.

Vooral ook in de Bijbel-kennis-eksamens (dank zij het degelik Bijbel onderwijs daar gegeven) namen zij de beste plaatsen in.

Het systeem van onderwijs dat in de Gedenkschool gevolgd werd, was verschillend van de gewone scholen in het land. Nuttige vakken die in andere scholen geheel over het hoofd gezien werden, wegens het jagen naar de publieke eksamens, namen aan de Gedenkschool de ereplaats in. Wij noemen slechts: Bijbelonderwijs, het zingen van Gezangen en Psalmen, Kerkgeschiedenis, algemene Gesch., Gesch. van Zuid Afrika.

De oorlog was ook voor de Gedenkschool noodlottig. Vele van hare warmste ondersteuners waren

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

te zeer verarmd om verder de gewenste ondersteuning te kunnen geven.

Na 16 jarige arbeid aldaar heeft de Hoofdonderwijzer Ds. F. du Toit haar verlaten in 1905."

Laat ons nog vermeld, dat daar soms tot 40 of 50 kostleerlinge aan die skool was, afkomstig uit alle dele van S. Afrika.

Ds. S. J. du Toit was, bijna nodeloos om te sê, president van die direksie vandat hij sig aan die Paarl gevestig het, en het gewaak wat hij kon oor die inrigting. Bij alle feestelike en andere geleënhede was hij aanwesig en sijn woord van inspirasie het nooit ontbreek nie...

En tans? Die gebouwe staan daar nog, maar onderwijsers en leerlinge is verdwene! Waar die leerlinge-voet die grond tot snuif getrap het, heers nou plaas-eensaamheid en word net bij rukke gehoor 'n gruisgekraak als 'n rijtuig of wandelaar verbijgaan. Die gebouwe is in besit van Ds. S. J. du Toit s'n weduwe, wat dit als monumente bewaar.

## AANHANGSEL.

In 'n koffer met papiere werd onderstaande stuk getiteld "*Ons Staatschoolwezen*", gevonde. Dit is in die handskrif van Ds. Du Toit en was blijkbaar bedoeld als artikel vir koerant of tijdskrif. Ons laat die grootste deel daarvan hier oordruk omdat dit so belangrijk is, en ook omdat op die werk van Ds. Du Toit als skoolopsiener tamelike lelike aanmerkings gemaak is. Ieder kan nou vir sigself oordeel.

Die stuk wijs eers op die verlede en is van volgende inhoud:

"Wat het *verleden* betreft, in het vorig Jaarverslag (1888) heeft de nu afgetreden Superintendent van Onderwijs (Ds. Du Toit n.l.) een kort histories overzicht gegeven, dat als Bijlage tot zijn Verslag door de volksraad werd goedgekeurd, en dus als officiëel bekrachtigd mag beschouwd worden. Een kort resumé daaruit levert de beste grondslag voor onze tegenwoordige beschouwing.

"Dat het belang van een Christelike opvoeding van de jeugd behoorlik werd behartigd door de grondleggers van de Z. A. Republiek blijkt vooreerst uit het feit, dat zij in art. 24 van de grondwet godsdienst en opvoeding aldus verenigden: "Het volk verlangt de opbouw, bloei en de welvaart van Kerk en Staat, en uit dien hoofde voorziening in de behoeften aan Ned Herv. predikanten en Schoolonderwijzers." En verder uit het nog sprekender feit, dat zij tegenover de grootste moeilikheden en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bezwaren en met de meeste opofferingen toch bleven zorgen, dat het opkomend geslacht de nodigste Christelike opvoeding ontving.

"Wegens landsomstandigheden en staatsverwikkelingen kon echter niet zo spoedig een geregelde staatsondersteuning aan het schoolwezen worden verleend. Toch vinden wij in het Rapport van een daartoe benoemde kommissie vermeld, dat reeds in 1873 van staatswege 9 dorpscholen en 10 rondgaande scholen bezoldigd werden met de toen niet onaanzienlike som van £1975.

"In 1874 werd een uitvoerige Schoolwet vastgesteld, onder wijlen President Burgers, 'enigszins geschoeid op de Schoolwet in Holland. Deze wet scheen echter eerst in werking gekomen te zijn in 1876, nadat de President Holland bezocht en de heer Van Gorkum als Superintendent had uitgebracht met een staf Hollandse onderwijzers. De heer Van Gorkum trad in dienst in Februarie 1876 en vond alstoen 8 scholen die staatstoelage genoten, benevens 5 rondgaande scholen; zodat er feitelik een achteruitgang was in het openbaar onderwijs tussen 1873 en 1876.

"Wat de taalkwestie betreft kan het van belang zijn bloot te leggen hoedanig het met die 8 scholen gesteld was, en daartoe kunnen wij ze in 3 klassen verdelen: 4 waren geheel Engelse scholen, die te Pretoria, Heidelberg, Lydenburg en Zeerust, tellende samen 71 leerlingen; 3 waren Hollandse scholen, te Pretoria, Potchefstroom en Lydenburg met een gezamenlik aantal van 50 leerlingen; en in éen school, te Rustenburg, werd in beide talen onderwijs gegeven.

"En wat nu de geldkwestie betreft, die 150 leerlingen kostten aan de Staat jaarliks £1,275 of £8 10s. per leerling.

"De Schoolwet van 1874 scheen echter minder bevredigende resultaten geleverd te hebben, want in April 1877 rapporteerde de toenmalige Superintendent aan de Administrateur (onmiddellik na de Anneksatie), dat er slechts 9 ondersteunde scholen bestonden, met 306 leerlingen, waarvoor uit de staatskas betaald werd £3,500 per jaar, dus £11 8s. 6d. per leerling. En dit hoog bedrag sluit niet in enige uitgaven voor schoollokalen, of schoolmeubilair of leerboeken, maar werd enkel uitbetaald aan salarissen.

"Van de Britse okkupatie dient vermeld, dat er, volgens Nota van de toenmalige Superintendent (*Staatskoerant*, 24 Juni, 1879), in April 1879 bestonden 11 staatsscholen, met 445 leerlingen, waarvoor de Staat jaarliks betaalde aan salarissen £2875 en aan andere uitgaven £325, zijnde dus £7 3s. 9d. per leerling. Bovendien bestonden er 9 ondersteunde scholen, met 393 leerlingen, voor welke de Regering een subsidie betaalde van 5/- per leerling per maand, uitmakende een bedrag van £1,179 per jaar, zodat de Regering destijds in 't geheel betaalde £4.379 per jaar voor 838 leerlingen, zijnde £5 4s. 6d. per leerling.

"Na de teruggave van het land stelde het Driemanschap aan tot Superintendent van onderwijs Ds. S. J. du Toit, welke in Januarie 1882 in dienst trad, na zich met Regering en Wetgeving te hebben verstaan aangaande de grondbeginselen van de Schoolwet van 1882, welke tans nog in werking is. De voortgang van het Schoolwezen onder gemelde Schoolwet blijkt uit onder-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

volgende opgaaf van het aantal scholen en het gemiddeld aantal leerlingen in die 6 jaren:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1882:— | 43 | Scholen, | 872 leerlingen. |
| 1883:— | 72 | „ | , 1410 „ . |
| 1884:— | 69 | „ | , 1280 „ . |
| 1885:— | 93 | „ | , 2111 „ . |
| 1886:— | 95 | „ | , 2600 „ . |
| 1887:— | 116 | „ | , 2795 „ . |

"Deze voortgang toont een normale, geleidelike ontwikkeling; alleen het jaar 1884 toont een geringe achteruitgang, waarschijnlik ten gevolge van de afwezigheid van de Superintendent met de Deputatie naar Europa. Deze bestendige toeneming in het aantal scholen en leerlingen levert voorts het bewijs dat ons tegenwoordig schoolsisteem juist gepast is voor onze landstoestanden en volksbehoeften, en levensvatbaarheid genoeg bezit om tot grondslag te dienen voor nog krachtiger ontwikkeling bij onze toenemende welvaart op financiëel gebied.

"Een ander kenmerk waardoor ons schoolsisteem zich onderscheidt is, dat het zo voortreflik beantwoordt aan de behoeften van onze verspreide boerenbevolking. Terwijl onder vroegere schoolsistemen in deze Republiek, en nu nog in de Oranje Vrijstaat, het aantal dorpscholen groter is dan dat van de buitenscholen, is er ten onzent een sterke en gedurige toeneming in het aantal buitenscholen. Vergelijk de volgende opgave:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1882:— | 9 dorpscholen, | 34 | wijkscholen. |
| 1883:— | 8 „ | , 64 | „ . |
| 1884:— | 14 „ | , 45 | „ . |
| 1885:— | 14 „ | , 79 | „ . |
| 1886:— | 17 „ | , 78 | „ . |
| 1887:— | 16 „ | , 100 | „ . |

"Dit gevolg is te danken aan het sisteem van slechts een subsidie voor elke leerling te betalen (geen vaste salarissen aan onderwijzers), waardoor kleinere scholen ook in de gelegenheid gesteld worden staatsondersteuning te genieten.

"Een ander voordeel van het bestaande schoolsisteem is, dat het betrekkelik minder kost per leerling. Onder de oude Republiek, in 1877, werd betaald voor 306 leerlingen £3500, dus £11 8s. 9d. per leerling. Tijdens de Britse okkupatie kostten, in 1879, 838 leerlingen aan de staatskas £4379, of £5 4s. 6d. per leerling. In de Oranje Vrystaat werd nog in 1887 door de Staat betaald voor het onderwijs over £5 13s. per leerling. Terwijl onder ons tegenwoordig schoolsisteem betaald werd als volgt:—

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1882:— | £3 | 4 | 8 | per leerling. |
| 1883:— | £3 | 2 | 4 | „ . |
| 1884:— | £4 | 13 | 4 | „ . |
| 1885:— | £4 | 0 | 9 | „ . |
| 1886:— | £3 | 11 | 3 | , . |
| 1887:— | £3 | 15 | 1 | , . |

"Hierbij komt nog dat gedurende het jaar gemiddeld ruim 500 leerlingen geheel op staatskosten als gratis-leerlingen onder wezen werden onder betaling van dubbele subsidie. Dat de uitgaven in vergelijking tot het werk gedaan dus gering is komt

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

vandaar, dat onder onze Schoolwet geen vaste salarissen betaald worden, maar een subsidie geëvenredigd aan het aantal leerlingen en de graad van het onderwijs ; zodat de staat slechts betaalt voor het werk dat gedaan wordt. Dit dient tevens tot aanmoediging van onderwijzers en schoolbestuurders, hun best te doen om zoveel mogelik leerlingen naar de school te trekken, ten einde een behoorlike ondersteuning te ontvangen.

"Maar nu is de bedenking geopperd : "Daardoor winnen wij wel in *aantal* scholen en leerlingen ; maar verliezen wij niet in de *graad* van het onderwijs ?" Neen, want hiertegen waakt een andere bepaling van onze Schoolwet, namelik dat de subsidie verschilt naar de graad van het onderwijs : £3 per leerling per jaar in het lager, en £5 in het middelbaar onderwijs. Dit spoort de onderwijzers aan tot ijver, om de leerlingen voor middelbaar onderwijs te kunnen opbrengen. Het jaarverslag toont dan ook in dezen zeer gunstige resultaten, in vergelijking tot de Kaapkolonie en de Vrijstaat. In de Kaapkolonie werden bij inspektie in 1886 van de 34,491 leerlingen 15,994 gerangschikt *beneden* Standaard I, dus 46 per cent. In de Vrijstaat werden mede in 1886 van de 1132 leerlingen onder inspektie 406 gerangschikt *beneden* Standard I, dus 33 per cent. En bij ons werden in 1887 van de 2,947 leerlingen onder inspektie 188 gerangschikt *beneden* Standaard I, dus slechts 6½ per cent.


"Een ander kenmerk van ons schoolsisteem is dat het *geregeld schoolbezoek* bevorderd wordt door de bepaling in de Wet, dat geen subsidie uitbetaald wordt voor enig leerling die minder dan 15 volle dagen per maand of 50 volle dagen per kwartaal ter school was. Volgens de schoolverslagen was het aantal leerlingen die in 1887 een ongenoegzaam aantal dagen ter school waren gemiddeld slechts 4 à 5 op de honderd. En bij inspektie waren er slechts 10 leerlingen op de 100 afwezig. Vergelijk men hiermee het schoolbezoek in de Kaapkolonie dan vindt men een aanmerkelike verschil ten onzen faveure.

"Of wij ons schoolstelsel dan volmaakt achten ? Geenszins. Wij wilden slechts aantonen, dat het beginsel waarop het gegrond is hecht en goed genoeg is om daarop voort te bouwen. Reeds in het jaarverslag worden opnieuw twee punten van verbetering voorgeslagen, waarmede wij hartelik instemmen."


Die verslag waarop gedoel word is die van die waarnemende skoolopsiener, wat Ds. du Toit bij sijn vertrek vervang het, en die twee punte is 1) dat 'n inspekteur van onderwijs sal aangestel word om die superintendent bij die skoolinspeksie behulpsaam te wees, 2) dat die onderwijsers geldelik aangemoedig sal word om hul te laat eksamineer en kwalifiseer vir hul werk.—

So het die Transvaal in Januarie, 1888, 120 skole gehad met oor die 3,000 leerlinge, terwijl Ds. du Toit bij zijn koms in 1882 slegs gevonde het 9 schole met 206 leerlinge. Ook die Opleidingskool in Pretoria en Raad van Eksaminatore werd "op sijn voordrag" in die lewe geroep. Met hierdie opmerkings sluit die stuk.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Ds. Van der Lingen.



Ds F. S. du Toit.




Mnr, D. F. du Toit, D. F.sn.
**Sedert jare lang Sekr. van die Drukpers Maatskappij.**



Prof. J. Lion Cachet.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Notulen
van een voorlopige Vergadering
van Afrikaanders gehouden
in die Paarl op die 14 Augustus
1875

Tegenwoordig was:—
Wel Erw. S J du Toit
~~Heer H. F. Jansen~~
Meneer G J Malherbe
" August Akerbeek
" D. F. du Toit D.F. zoon
" D. F. du Toit D. zoon
" C. P. Hoogenhout
" P. J. Malherbe D.F. zoon
" S. G. du Toit A. zoon

Meneer C P Hoogenhout wort voorlopig ver Voorsitter van die Vergadering gekies.
Meneer A. Akerbeek wort voorlopig ver Sekretaris en S. G. du Toit ver Sub. Sekretaris gekies
" Meneer A. Akerbeek stel voor, om die naam en doel van die Genootskap deur een Commissie te laat opstel, en by die volgende Vergadering laat voor Ws. Gesekondeer deur D.F. du Toit D.zoon
Algemeen aangenome.

Eerste bladsij van die Notule van vergadering waarop besluit is tot oprigting van die "Genootskap van Regte Afrikaners."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## HOOFSTUK IV.

### *DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.*

Dis meermale in die wereldgeskiedenis gesien, dat grote dinge voortgekom het uit kleine verenigings of genootskappe. Denk maar aan die "Compan de Jesus" van Loyola en die "Holy Club" van W ey, waaraan die Jesuïetisme en Methodisme respekt ik hul ontstaan te danke het.

So'n vereniging was ook die Genootskap van Regte Afrikaners. Daarin het 'n beweging sijn oorsprong geneem, wat vandaag nog sijn krag laat voel. Daaruit het 'n spoorslag voortgekom, wat ons vandaag nog laat vorentoe beur.

Maar ons moet eers gee, wat Ds Du Toit daaromtrent laat opskrijf het. Hier is dit:

"Begin van die Afrikaanse taalbeweging. In 'n reeks van stukke, ondertekend "Ware Afrikaner," het ik in die "Z. Afrikaan" almal opgeroep wat wou deelneem aan die beweging om ons taal als volkstaal erkend te krij; en wat, om die doel te bereik, wou deelneem aan die stigting van 'n Genootskap van Regte Afrikaners. Hul moes hul name aan die adres van Oom Lokomotief, kantoor van die "Z. Afrikaan," melde.

"Mnr. Jan Hofmeyr, het 'n volkome onpartijdige houding aangeneem, maar indirek gesteun, 1) deur alles op te neem en 2) deur die briewe aan Lokomotief te ontvang en aan mij te stuur.

"Bijbelvertaling was die eerste werk wat die Genootskap sig ten doel gestel en daarom ook mee begonne het. Maar spoedig het ons behoefte gevoel aan 'n eïe orgaan, sal daar iets van die beweging teregkom. Ons was omtrent 12 lede, wat onder geheimhouding moes werk, uit oorsaak van die bittere teënstand in staat en kerk.

"Uitvoering van die meeste besluite h t op mij neergekom en mijn posisie was allermoeiliks, veral om die teënstand van vele wat anders op kerkelik gebied saam gegaan het. So moes ik een van mijn beste vrinde en kerkeraadslede hoor sê: "als ik w et wie die Lokomotief is, skiet ik h m m t mijn hand do d".

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Die Genootskap krij 'n eie drukpers en gee eers die "Patriot" en later die "Getuige" uit, behalwe heelwat kleine boekies. Maar die drukpers betaal nie in ons land nie, en veral in ons geval was dit waar. Die voorstanders was min en geldelik swak. Bijna mijn ganse salaris het in die drukpers gegaan. Ja, ik moes boeke uit mijn bibliotheek neem en verkoop om die drukkoste te betaal. Tog het ons deurgeworstel, terwijl die saak langsaam toeneem."

## Die Stigting.

Nadat Ds. Du Toit 'n gesprek gehad het met Ds. Morgan, Sekretaris van die Britse Bijbelgenootskap, oor 'n Afrikaanse Bijbelvertaling, lees ons dit in die "Geskiedenis van die Afr. Taalbeweging": "Vollens belofte breng Ds. Du Toit die saak voor die aandag van enige voorstanders van 'n Afrikaanse Bijbelvertaling en hulle beleg 'n vergadering op 14 Augus, 1875, om die saak te o'erwege. En dit was meteen die dag waarop beslote werd om 'n Genootskap op te rig... Om die weg daartoe (tot 'n vertaling) te baan was so'n liggaam of vereniging nodig, ten einde an die eenkant die bevolking eers tot erkenning van hulle taal te breng, en an die ander kant om die taal self eers as skrijftaal te leer beoefen.„ (2e uitgaaf bl. 63 en 66).

Dis dus duidelik, dat die Genootskap *middel* was tot 'n doel, en dit was die Afrikaanse Bijbelvertaling.

Ons gee nou hier, omdat dit so belangrijk is, die notule van die eerste vergadering, letterlik oorgenome uit die Notule-boek van die Genootskap.

## Notulen.

Van een voorlopige Vergadering van Afrikaanders gehouden in die Paarl op die 14de Augustus 1875.
Tegenwoordig was:

Wel Eerw. S. J. du Toit.
Meneer. G. J. Malherbe.
„ August Ahrbeck.
„ D. F. du Toit D. P.soon.
„ D. F. du Toit D. F.soon.
„ C. P. Hoogenhout.
„ P. J. Malherbe D. F.soon.
„ S. G. du Toit A.soon.

Meneer C. P. Hoogenhout wort voorlopig ver Voorsitter van die Vergadering gekies.

Meneer A. Ahrbeck wort voorlopig ver Sekretaris en S. G. du Toit ver Sub-Sekretaris gekies.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Meneer A. Ahrbeck stel voor, om die naam en re'els van die Genootskap deur een Commissie te laat opstel en bij een vol'ende Vergadering te laat voorlê. Gesekondeerd deur D. F. du To't, D. P.soon.

Algemeen aangenomen.

Die Voorsitter benoem tot lede van die Commissie om die re'els op te stel:

Wel Eerw. S. J. du Toit.
Meneer G. J. Malherbe.
, D. F. du Toit, D. P.soon.
Eerw. J. P. Dempers. } as hulle wil
Meneer J. W. van der Rijst. }

Almal wat te'enwoordig is, verklaar al vooraf, dat hulle wil lede wees van die Genootskap.

Die Sekretaris wort versog om ver Meneer Van der Rijst en Mr. Dempers kennis te ge dat hulle gekies is ver lede van die Commissie om die re'els ver die Genootskap te maak. Dis voorgesteld deur Weleerw. S. J. du Toit, gesekondeerd deur P. J Malherbe.

Weleerw. S. J. du Toit stel voor, dat al die lede wat te en-woordig is, so veul as mo'entlik is, die Afrikaanse Volkslied sal versprei en die gevoelens van mense daaro'er sal hoor. Dan kan ons dit naderhand op naam van die Genootskap verbeter en uit ge. Gesekondeerd deur P. J. Malherbe. Algemeen aangenomen.

Voorgesteld deur D. F. du Toit, D. F.soon, gesekondeerd deur P. J. Malherbe, dat Meneer die Weleerw. S. J. du Toit en Mr. P. J. Malherbe en die Sekretaris verder sal met Ds. Morgan praat o'er die Afrikaanse Bijbel om die te laat uitge deur die Britse en Buitenlandse Bijbelgenootskap. Algemeen aangenomen.

En aan dieselfde Commissie wort oek opgedra'e om met Mr. Van der Rijst te onderhandel o'er die Afrikaanse Spraak kunst om dit te laat nasien dat dit klaar is as ons weer bij ma-kaar kom.

Die WelEerw. S. J. du Toit stel voor, dat om een Afrikaanse Woordeboek uittege al die lede versog worde om elkeen een lijs te maak van suiver Afrikaanse woorde in die order van die A.B.C. Algemeen aangenomen. Die lede wat te'enwoordig is, wort versog om op een vol'ende vergadering ander mense wat hulle kan vertrouw saam te breng. Die vergadering sluit met dank aan die Voorsitter en die Sekretaris."

Tot sover die notule. Dit blijk dus dat op die eerste vergadering maar 8 persone teënwoordig was. Mnr. J. P. Dempers sijn naam kom ook in die presen-sie-lijs voor, maar hij was blijkbaar opgesit omdat hij verwag werd, terwijl later uit die notule blijk, dat hij nie aanwesig was nie. Sijn naam is dan ook in die boek uitgeskrap met ink.

Op die volgende vergadering, 25 Sept. 1875, het bijgekom G. W. van der Lingen, J. W. van der Rijst en M. L. Roussouw. Op 6 Nov. d.a.v. was nog

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teënwoordig: A. Pannevis, F. S. Cillie, S. P. Malherbe en F. P. Marais, terwijl later nog genoem word: A. E. du Toit, G. D. Marais, J. Balt, P. B. de Ville, C. J. Esterhuizen, S. Cillie, W. M. Retief, W. A. Joubert, I. A. Perold, J. D. Minnaar, D. N. J. du Toit, M. H. J. Uys, A. P. Zeeman, M. M. du Toit, P. J. Schabort, J. S. Perold, E. J. du Toit, J. S. Malherbe, J. G. H. Tulleken, J. P. J. Dempers, P. J. Malan, (Dr.) J. M. Hoffman, G. R. von Wielligh, e.a. Die Reëls in die Notuleboek is onderteken deur 50 persone

Die vergaderplek was eers die huis van mnr. G. J. Malherl (Paarl) en later die pastorie van Ds. Du Toit.

### 'N INSIDENT.

In verband met die stigting moet 'n interessante voorvalletjie vermeld word. Op aanrade van hul meester, mnr. M. J. Stucki, van Blauwvallei (Wellington) het mnre. C. J. Esterhuizen, J. H. Tulleken en A. E. du Toit bedank vir hul lidmaatskap. Mnr. Stucki het dit van hul gevorder, omdat die oog van die Kerk op sijn skool gerig is, "dat zij de Holl. taal zullen bestuderen en zich met uw genootschap niet inlaten."

Die bedanking van die drie leerlinge werd aangeneem, maar ongelukkig kom daarin o.m. 'n tamelike lelike sinnetjie Hollands voor. Dit het die Genootskap 'n kans gegee om twee interessante briewe te skrijwe, een aan die onderwijser en een aan die leerlinge. Ons gee dit hier. Dis in die handskrif van Ds. Du Toit:

"DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS AN M. J. STUCKI VREDE!

Meneer,—Die Genootskap erken dat ons jou brief van die 14e December ontvang het, same met die bedankbrief van drie van jou kostskoliere.

In een brief an hulle ge die genootskap ver hulle met alle plisier ontslag.

Die Genootskap is blij om te sien dat jij so danig ijwer ver die Hollanse taal, om dit te lat *bestudeer* van al jou skoolkinders, en ons wens jou alle heil en seën daarme.

Tot bemoediging ge die Genootskap jou een sin uit hulle bedank brief. "Wij hoopen dat gij ons aan onzen vriendelijken verzoek zullen voldoen." Hieruit kan jij sien hoe voorspoedig dit gaat met jou grote onderneming om almal die Hollanse taal te lat bestudeer. Altemit sal dit goed wees dat jij dit as een vrug van jou werk lat publiceer; wie weet? straks krij jij nog een pluimpie daarvoor van die grote gedeelte van die Ned. Ger. Kerk wat hulle oë op die Blou-Vlij sijn skool vestig. In alle geval denk die Genootskap dat dit ver jou regte bemoedigend moet wees om te sien dat van jou eerste skoliere al so goed Hollans kan skrijwe.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Gaat mar an, Meneer! Altemit sal jij nog eendag insien, dat dit onmo'entlijk is om een Afrikaander met een Afrikaanse hart een Hollander te maak; dat dit beter is om jou ei'e taal *goed* te kan skrijwe as in een vreemde taal sulke bokke te skiet.

Die Genootskap eindig hulle correspondentie hierme, mar hou die reg om die hele correspondentie te lat publiceer.

Uit naam van die Genootskap van Regte Afrikaanders.

LOKOMOTIEF."

Die tweede brief is van hierdie inhoud:

"DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS AN C. J. ESTERHUIZEN, A. E. DU TOIT, EN J G. H. TULLEKEN. VREDE!

Beste Neefs, Die Genootskap het julle bedankbrief ontvang en ge ver julle met plisier ontslag.

Ons weet goed hoe die vurk in die steel steek en ons is seker daarvan dat die stantjie veel meer die liefde ver julle moedertaal sal aanvuur as sal uitdowe.

Die geskiedenis het dit nog altoos getoon: as jij een ding te'ewerk wat jij nie sommar met een slag kan dood druk nie, dan is die teen stand nes olie wat jij in die vuur goi.

Nou, julle skoolmeester sal dit oek wel weet, en julle dit oek geleer het; en nou sal julle ei'e ondervinding dit weer bevestig.

Julle weet oek heel goed dat ons ons begeerte in *alles* door bidden en smeeken met danksegging bekend maak bij onse liewe Heer. Bid dan same met ons dat onse liewe Heere julle skoolmeester dit tog nie mag toereken nie as hij "bevonden wordt ook tegen God te strijden" Hand. 5: 39.

Eindelik wens die Genootskap nog ver julle te lat weet: dat dit nog alles regte voorspoedig gaat; daar kom nog gedurig nieuwe lede bij.

Nou jonge vriende, wees gehoorsaam. Doet niks teen julle skool meester zijn sin nie, so lank as julle nog onder hom staan. As julle een dag los is, dan kan julle mos maak wat julle wil.

Lees vir julle meester asseblief julle brief voor. As julle dit alles doet, dan sal julle weldoen.

Vaarwel! Uit naam van die Genootskap.

LOKOMOTIEF."

## GEHEIMHOUDING.

'n Ander eiënaardigheid is die geheimhouding waaronder die Genootskap gewerk het. Reeds in die eerste vergadering werd gesê, dat hul mense moet saambreng, wat kan vertrouw word. Op die 2de verg. heet dit: "Almal kom o'ereen dat ons nou geen ander geheim het nie as om die name van die lede dood-stil te hou."

Die Reëls, wat almal onderteken het, bevat dan ook o.m. die volgende artikels, wat ons nergens gepubliseer vind: "IX. As een lid een "geheim" verklap dan kan die Genootskap hom uitset. X. As een lid wil uitgaan dan moet hij skriftelik bedank, en die redes opgee waarom, maar deur sijn naamtekening blijf hij gebonde om die geheime van die Genootskap

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tot sijn dood toe te bewaar. XI. Die Genootskap het geen ander geheim as wat die saak sal kwaad doen."

Natuurlik werd spoedig gesê: "Dis 'n Vrijmesselaars-spul", waarop die "Geskiedenis van die Taalbeweging" aldus raak antwoord: "Maar in hulle oppervlakkigheid verlies hulle uit die oog dat die Genootskap vlak teeno'er die Vrijmesselaars staat; want die Vrijmesselaars maak hulle *persone* bekend, mar hulle *werke* blijf geheim, terwijl die Genootskap al hulle *werke* openlik publiseer, mar alleen hulle persone nie op die voorgrond wil stel nie. Die Genootskap handel dus volkome o'ereenkomstig die Skrif (Mat. 5:16), terwijl die Vrijmesselaars teen die Skrif is (Joh. 3:20, 21)." Kijk bl. 69.

Die "Patriot" van 15 Apr., 1876 gee hierdie redes vir die verswijë van name:

"I. Om persoonlike hatelikhede voor te kom.
II. Omdat die tijd nog nie daar is nie.
III. Omdat daar een partij van die lede op teen is.
IV. Om dieselfde rede, waarom die vra'er sijn naam nie opgé nie.
V. Dit staat aan elke lid vrij om ver sijn naam uit te kom."

Beswaar werd ook ingebrag teën art. VII:

"Ider lid moet gelowe in die Versoeningsdood van onse Heere Jesus Christus." Maar die Genootskap het bij sijn punt geblij, ondanks die feit dat 'n verandering ook 'n vermeerdering van lede in die hand sou gewerk het. Sonder resultaat werd gestrij oor die kwessie of "vrouws" ook lede mag word!

## Werk van die Genootskap.

*Die Afrikaanse Volkslied* was die eerste uitgawe (kijk notule 1ste verg.). Op die 2de vergadering werd beslote daarvan 500 te laat druk. Dis die bekende gedig beginnend met

'n Ider nasie het sijn *land*,
Ons woon op Afrikaanse strand, ens.

Mnr. C. P. Hoogenhout het ons dit gemeld aangaande die ontstaan daarvan: "'n Ider nasie het sijn land"—is door wijlen vriend Pannevis en mij begonnen. Daarna meen ik (maar ben niet zeker) aan Oom Lokomotief gegeven om het meer te Afrikaniseren, en toen aan Ds. Du Toit gezonden, die er de nodige veranderingen in gemaakt heeft. Een regel (op één na de laatste) b.v. veranderde Ds. Du Toit in: "Wie dit verag sal Sijn straf dra". Wij hadden: "Wie dit verag straf sal hij dra."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In 'n brief van Ds. Du Toit uit Tulbagh, 3 Julie, 1875, aan mnr. Hoogenhout geskrijwe, lees ons: "Ingesloten ons Volkslied met enige emendaties. Sommige veranderingen om de *taal*; andere om de *inhoud* Eén vers bijgevoegd"! Watter vers dit is, weet ons nie.

*Bijbelvertaling*. Die tweede punt wat genoem word, is die Afr. Bijbelvertaling. Omdat die saak so belangrijk is en ook die stoot gegee het tot oprigting van die Genootskap, spreek ons later meer opsettelik daaroor.

*Die Afr. Spraakkuns* was ook al in die eerste vergadering aan die beurt. 'n Kommissie, waarvan Ds. Du Toit lid was, moes met mnr. Van der Rijst 'n Spraakkuns nasien. Blijkbaar het laasgenoemde daarmee begin, maar Ds. Du Toit sijn hand is daarin so goed sigbaar, dat die "Geskiedenis van die Taalbeweging" hom "saam met andere" als skrijwer noem, (2de uitg. bl. 174). Inderdaad kan 'n mens voel dat agter alles sit 'n man, wat goed taalkunde geleer het bij mnre. Middelberg en Pannevis, en wat nie verniet met Bilderdijk gedweep en nie tevergeefs Bilderdijk sijn Spraakleer en sijn andere letterkundige werke in besit gehad het nie. Van die laaste moet ons hier noem die "Verscheidenheden op Taal- en Letterkundig Gebied" (8 dele), waar Ds. Du Toit baing van gedenk het.—In die 3de verg. word mnr. Pannevis bij die benoemde kommissie bijgevoeg, terwijl mnre. Hoogenhout, D. du Toit, D.P.s. en M. Rossouw, dit vir laas moes nagaan en 1000 moes laat druk. In die 4de verg. word opdrag gegee om nog 'n deel bij te sit oor woordvoeging en prosodie. 26 Febr., 1876, word die eerste gedrukte eksemplare voorgelê. Op die jaarverg., 19 Aug., 1876, was maar 300 van die 1000 oor. 'n Bewijs hoe welkom dit was. Selfs Engelse, met name die "Standard and Mail," het die uitgawe toegejuig. Op die jaarverg., 11 Aug., 1877, was nog net 'n stuk of 50 van die boekie voorhande.—Dit het geheet: "Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal, uitgege deur die Genootskap van Regte Afrikaners, Kaapkolonie, 1876," en het 29 blss. druks beslaan (klein formaat). Inderdaad is in die kleine omvang 'n oulike grammatika vervat, wat nog met vrug deur onse taal-liefhebbers kan geraadpleeg word. Vo rin staan die gedig van Ds. Du Toit oor die Afrikaanse Taal: "Gen Hollans, Duits of Frans", ens. D s geheel afgedruk in die "Gesk. van die Taalbeweging." Met geringe veranderings is van die Spraakkuns in 1882 die tweede uitgaaf verskijn, in groter formaat,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarvan die oplaag 6000 was.—Ons sien dus hoe van 1876 af die Afrikaans 'n grammatika gehad het, en tog moes Prof. Dr. le Roux, van Pretoria, nog in 1913 'n lesing hou en publiseer om vir twijfelaars die vraag toestemmend te beantwoord, dat onse taal 'n grammatika het! Prof. le Roux s'n klare betoog sal daaromtrent seker nou alle onsekerheid wegveeg.— Ds. Du Toit het in die rigting voortgewerk en in 1897 gepubliseer sijn: "Fergelijkende Taalkunde fan Afrikaans en Engels." In die bibliografiese oorsig sal die leser daaromtrent iets meer te wete kom.—

*'n Woordeboek.* 'n Ander werk wat die Genootskap besig gehou het, was 'n Afrikaanse Woordeboek. In die eerste en daarna nog in vier volgende vergaderings, het Ds. Du Toit aangedring op die noodsakelikheid daarvan. Oom Lokomotief, was die eerste wat 'n "lijs van suiwer Afrikaanse woorde" voorgelê het, maar verder het dit glo nie gekom nie. Ds. Du Toit meen in sijn "Taalbeweging" dat dit molik maar goed was dat die werk blij steek het en gee sijn drie redes op. Eindelik werd deur hom die "Patriot-Woordeboek" bewerk, wat sou aangevul worde deur 'n ander onderneming. In "Ons Taal" het Ds. Du Toit namelik 'n hele end op weg gewees met sijn versameling en verklaring van Afrikaanse woorde en uitdrukkings, toen siekte en dood die werk plotseling kom afbreek. Mnr. Pannevis s'n rijke versameling, alleen in manuskrip aanwesig, het daarbij uitnemend diens gedaan. Hier is werk vir jonge kragte om te voltooi!

*Die Patriot.* Dit was 'n grote en vir Suid-Afrika uiters belangrijke onderneming. Vandaar dat ons dit in 'n aparte hoofstuk bespreek.

*Die Manifes* van die Genootskap word voorgelees in die verg. van 6 Nov., 1875, daarna gepubliseer in "Zuid-Afrikaan" en eindelik werd 'n 1000 daarvan versprei. Dis ook te vinde in die "Taalbeweging".

*Spel- en Leesboekie.* In die notule van 15 Jan., 1876, lees ons: "mnr. v.d. Rijst lê een Spel- en Leesboekie voor en versoek om dit deur een Commissie te laat nasien. Beslote om dit te doen en dat die Commissie sal bestaan uit die vollende heere: weleerw. S. J. du Toit, mnr. A. Pannevis, D. F. du Toit, D.P.s., C. P. Hoogenhout, P. J. Malan en W. A. Malherbe". 5 Febr. d.a.v. werd beslote dit op die Genootskap s'n naam uit te gee. Mnr. G. von Wielligh, self lid van die broederskap, sê in die "Brandwag" (III no. 5): "Maar wat eintlik die stok in die bij-nes van die vij-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

andelike kamp gesteek het, wat hulle laat rumoer het, was toen die Genootskap 'n Spel- en Leesboek uitgegee het. Toen moet jij hulle hoor blaas en spuug soos katte, want daardie ding sal die Afr. Taal te veel vorentoe help. Maar die Genootskap was beslis en het hulle 1000 boekies in twee maande van die hand geset". In die "Taalbeweging" lê Ds. Du Toit die gesonde opvoedkundige reël neer: "In sulke boekies, in die taal en na die vatbaarheid van onse kinders geskrijwe, sal hulle veel gouwer leer as in 'n vreemde taal waar hulle nooit tuis in word". Tog is eers in 1914 sijn wens aanvankelik vervuld, destijds in hierdie woorde uitgedruk: "En dan hoop ons dat die dag nie meer vêr af is nie waarop Afrikaans sal erkend wees op onse lagere of derdeklas skole." Van die boekie werd 2,000 gedruk.

*Almanak*. Tot die uitgaaf hiervan werd besluit in die verg. van 15 Jan., 1876. Die eerste Almanak het uitgekom in 1877 en was 'n boekie van 64 blss., uitgegee deur die Genootskap en verkrijgbaar bij J. M. Belinfante, Kaapstad. Bo die Kalender was versies van "Oom Jan" (mnr. Hoogenhout), en agter elke datum 3 bijbeltekste onder die hoofde: Gebod, Belofte en Gebed. Verder burgerlike en kerkelike opgawes en "Leesstukkies". Die laaste het bevat: Die Afr. Volkslied; Die Hugenote an die Kaap van Ware Afrikaner (Ds. Du Toit); 'n gedig: Die Bijbel van Bijbelleser (mnr. Pannevis?) en Ons Toekomstige Volkslied van Oom Jan, wat begin:

> Waar Tafelberg begin tot vér in die Transvaal,
> Woon één verenigd volk,—één algemene taal...
> Die Afrikaanse taal die klink vẹr ons so soet;
> Hij is ons moedertaal sit in ons murg en bloed.

Mnr. von Wielligh sê dat die Genootskap met die Almanakke "die bol raak geslaan het." En so is dit. In 1880 was daar al 6,000 eksemplare gewaarborg. "Voor die tijd, seg hij, was daar alleen kerkalmanakke, wat nie burgerlike informasie verskaf het nie." Ook hiervan was Ds. Du Toit in verskeie opsigte die besielende middelpunt. In 'n brief aan mnr. Hoogenhout skrijf hij 7 Aug., '78): "Het wordt tijd te denken aan onze almanak voor 1879. Ik geef hier een lijst van onderwerpen. Maak s.v.p. de verzen gelijk vorig jaar; maar op bepaalde, bekende wijzen, volgens onze afspraak.

*Prijsvraë* was ook op die program. Maar een keer werd daar een uitgeskrijwe. Klaas Waarsegger Jr. (mnr. Hoogenhout) het gewen met sijn Afrik. ver-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

haal: "Catharina, die Dogter van die Advokaat," wat gedruk werd, eers in die *Patriot* en later in 'n boekie. Die "Taalbeweging" sê daarvan: "dis deurdronge van so'n eg patriottise Afrikaanse gees, dat dit al 'n dojerige Afrikaner moet wees wat dit nie met smaak lees nie."

*Gedigte* werd uitgegee, n.l. herdrukke uit die "Patriot". Dit werd deur die Paarlse Drukkerij voortgeset, tot 7 versamelings toe. Eindelik is weer 'n waardevolle versameling uit die bundeltjies verskene. Vir die nageslag is die laasgenoemde uitgawe 'n bewijs van die frisse nasionale lewe, wat uit onse volksbodem vanself ontspring het. Ons wil hier aan die vergetelheid ontruk die regte name van enige volksdigters. Mnr. Hoogenhout het sijn eerste gedigte geskrijwe als "Jan wat versies maak". Later noem hij hom 'n paar maal "Neef Jan" en eindelik (omdat hij soveel briewe ontvang met: Waarde Oom Jan) "Oom Jan". Prof. Cachet het 'n paar maal als "Neef Jan" geskrijwe en eenmaal als "Oom Jan wat vanselewe ook versies gemaak het", n.l. die bekroonde en deur prof. J. de Villiers op musiek gesette gedig: "Op! op met de Vierkleur". Maar mnr. J. Cilliers het die meeste (veral godsdienstige) gedigte geskrijwe als "Neef Jan".

*Drukpers*. Reeds voor die stigting van die Genootskap het die vrinde gepraat oor die aankoop van 'n drukpers. En daar was oorsaak voor, soos blijk uit die maar al te gegronde aanmerking voorkomend in 'n brief van Ds. Du Toit aan mnr. Hoogenhout. Die brief is nog uit Tulbagh, en lui: "Over de Schoolkwestie heb ik een lang artikel geschreven—nog niet klaar. Onzeker of ik het naar "Elpis", of naar "Z.-Afr." zal opzenden als W. A. (Ware Afrikaner). De pers moet gekocht worden. De dag komt dat de publieke pers voor ons zal gesloten zijn. Ik zal mijn aandeel nemen in 't kopen en betalen van de pers". In 'n latere brief, ook uit Tulbagh, staan . "Ik heb £15 of £20 voor de drukpers over. Juist heb ik een stel meubelen gekocht en betaald, anders zou ik *meer*, mogelik *alles* doen".— Die aankoop is toen misluk. Bedoeld was die aankoop van 'n tweedehands pers wat in Wellington te krij was. Later is een aangeskaf. Die het eers gestaan bij mnr. G. J. Malherbe en toen in die agterkamer van Ds Du Toit s'n agterplaas. Die skrijwer hiervan herinner sig nog goed (hij was toen omtrent 3 jaar oud hoe ons als kinders mekaar bang gemaak het met die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

pers. Dit was vir ons 'n swarte spook, wat sig ook geopenbaar het in die lange vlek van drukkersink, teën die witte buitemuur van die kamertjie uitgeworpe. Eindelik is die bekende Paarlse Drukkerij gekom, gevestigd op die hoek van die Hoof en Lady Grey-strate. Mnr. von Wielligh sê hiervan: "Van alle kante stroom versoeke in om die "Patriot" te vergroot. Hieraan kon die Genootskap nie dadelik voldoen nie, want hulle drukpers was te klein en hulle had die geldmiddele daarvoor nie in hande nie. Want ons moenie vergeet nie dat die Genootskap sonder kapitaal is gestig—al inkomste was die intekengeld van lede, vrijwillige bijdraë en die intekengeld op die "Patriot" en verkoop van boeke...Daar was ook g'n kans nie om die Patriot bij 'n ander drukpers Maatskappij te laat druk nie; want die drukpers was vijandig teën Afrikaners, en omdat die "Patriot" so snel uitbrei waardeur hulle dan intekenare sou verloor"

'N GESKIEDENISBOEK.

Die tweede boek wat die Genootskap uitgegee het is een van grote betekenis—dis die "Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk". Die titel was al raak en verenig harmonies die begrippe: taal, land en volk. Voor die stigting op 14 Aug. '75 is daar al mee begonne. Ds. du Toit skrijf 27 April '75 aan Mnr. Hoogenhout:

"Aangaande de geschiedenis moet ik ook nog uwe hulp inroepen. Ik ben bezig met "Die uitgeweke Boere (Natal, Vrijstaat, Transvaal, Diamantvelde). Maar wat ik heb hiervan is slechts hun intrekken vanhier en nederzetten aldaar, volgens Stuart, niet hunne verdere lotgevallen". Dan word nog verwijs naar 'n "Duitse Encyclopedie", waarin ook biesonderhede mo t voorkom aangaande die Trekboere.

Aangaande die skrijwer meld mnr. Hoogenhout ons: "Het eerste gedeelte van die Geschiedenis werd door mnr. Gideon Malherbe Sr. en mij geschreven en door Ds. Du Toit gekorrigeerd; en een gede lte van 't laatste schreef ik. Ds. Du Toit deed ech er het meeste aan het boek". Hier moet ons tewer, daaraan herinner, dat die mooie stukke oor die Hugenote afkomstig is van "Ware Afikaner"—Ds. Du To't. Dis bepaald 'n waardevolle bijdraë, want dis opgeteken uit die mond van geloofwaardige mense *P.* 15 J n. '76). Verder blijk die waarde van die boek uit hi r die aanhaling uit die "Patriot" van 16 Maart '77:

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"Daar bestaat tot nog toe gen Hollanse geskiedenis van ons land nie; ons sijn is die eerste. Engelse is daar wel, mar natuurlik die bekijk alles deur 'n Engelse bril, en die arme Afrikaners krij mar ongelijk. Mar hier is 'n geskiedenis wat die dinge vertel net soos dit is.

"Nog wat, veule dinge is deur ooggetuige beskrewe, wat jij in gen ander geskiedenis van ons land krij nie, bijv. die Slag van Boomplaas is nie allenig deur 'n ooggetuige geskrewe nie, mar deur 'n man wat toen (as nie die eerste dan tog) die tweede rol daarin gespeul het."

Ds. Du Toit en sijn vrinde het dus ook in hierdie opsig die voortouw gevat. Die "Patriot" van 15 Junie '76 sê:

"Die Genootskap wou graag agter die waarheid kom en daarom het ons briewe geskrijwe na al die parte van ons land, tot in Vrijstaat en Transvaal, om van ooggetuige te verneem hoe alles gebeur is". Uit 'n later no. (10 Junie '81) blijk dit, dat plan bestaan het om 'n aparte Geskiedenis van Transvaal uit te gee. Die toen versamelde materiaal werd egter aan Ds. F. Lion Cachet oorhandig en in sijn "Worstelstrijd der Transvalers" verwerk.

Die doel van die besproke "Geskiedenis" was beslis nasionaal, "om ons kinders van jongs af bekend te maak wat hulle vaders al deurgestaan en gelij het hier in die land waar vreemdelinge ons nou wil vertrap" (Kijk die "Taalbeweging").

Jammer dat maar 500 gedruk werd. In 'n paar maande was dit uit die hand. Die Jaarverslag van die Genootskap sê in 1878: "Is dit gen segen dat deur die uitverkogte eerste druk die oge van duisende opegegaan het ver wat hier al gebeur is in ons land, en ver wat hulle al lank moes geweet hê om 'n gevoel van nasionaliteit te lat opwek!" (*P.* 6 Sept. '78).

Eers in 1895 is 'n 2e druk van die boek verskijn. Skrijwer hiervan had toen die voorreg om dit te vermeerder en tot op onse daë bij te werk.

## FINANCIES.

Hiermee het dit maar swaar gegaan. Aan die end van die eerste jaar was daar wat oor, maar 'n jaar later het die vrinde vasgebrand. Natuurlik was in de eerste tijd die saak nie so groot nie, en tog moes maar gedurig vrije bijdraë gevraag word. Die voors. (ds. Du Toit), het altijd vir 'n tamelike som voorgeteken en die vrinde het naar vermoë gevolg. In

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Aug., 1877 was daar egter 'n groot tekort. Nou sê die "Taalbeweging" dat dit deur die Genootskap met 'n weinig hulp van buite betaal is, maar dit lijk uit private briewe of dit tamelik gespan het en die voors. wou moedeloos word. Ons meen dat die volgende uittreksels nou kan openbaar gemaak word, sonder die ander lede te na te kom. Ons moet egter nie vergeet nie, dat "partij van hulle toen al baing opgeoffer het", soos mnr. Hoogenhout sê in sijn lange brief, waarvan 'n stukkie gegee word. Bowedien was dit mense met kleine middele, en buite op hul plase nie altijd so brandend van ijwer als die president nie. Mnr. H skrijwe dan als volg:

Hij kan nie teenwoordig wees nie. Verder dat hij die tekort verwag het. "Die saak het deuse jaar nie kan betaal nie. Ik het nog nooit van enige goeje saak gehoor of gelees wat in die begin bet al het of sonder opoffering tot stand gekom is." "En, vraag hij, sou dit nie 'n onvergetelike skande wees as ons moet opgooi? Opgooi, nou die saak hoe langer hoe meer uitbrei? .. Nee, ik, almaskie dat ik 'n uitlander is, het die *Regte* Afrikaners beter leer ken. Maar voortgaan met die *remskoen* aan, raai ik nie. Ons President, die bowe sijn ver moge werk, kan ons nie verwag, dat hij die las op so'n manier langer sal dra. Eerder sou ik se, laat ons nie allenig die remskoen afhaa, maar hom nog bowendien jaarliks 'n beloning ge. Maar *is* ons Genootskap te swak om an te gaan, dan, liewers as 'n skandelike val, sou ik se 'n eervolle vereniging met die Holl. Genootskap wat hulle nou wil oprig en waarin ik, uit vrees dat dit tot 'n val kon kom, 'n grote rol gespeel het." Mnr. H. merk nog op dat dit gelukkig is dat hij die aangebode bestuur van die (Genootskaps) saak nie op hom geneem het nie, want dan was die skuld £200 groter.

Die brief was 'n terugslag op 'n brief kort tevore deur Ds. Du Toit aan mnr. H. versonde, waarin hij sijn hart aldus uitstort:

"De grote zaak is nu: *kan* men voortgaan? Kan men het tekort dekken, dan kan ik mij verder verantwoordelijk stellen voor verdere uitgaven. Maar met een last van over de £300 op mijn hals kan ik geen grein meer bijnemen. En nog *moet* ik elke week £6-10 betalen. De vrienden hebben met de vergadering *groot gepraat,* maar *weinig gedaan.* 23 leden voor slechts £45 getekend, nog niet eens betaald Nu een maand tijd, tot 15 September. *Kan* men en *wil* men, ik zal de laatste zijn om terug te trekken. Maar men moet mij toch niet uit kleden en vermoorden."

In die "Patriot" het Oom Lokomotief egter hierdie "persoonlike woord" geskrijwe:

"Die *saak* neem toe, mar die *geld* kom kort
Die tekort *moet* af en hij *sal* af.
Waar kom die £173 vandaan?
Oom Lokomotief sal julle dit gou sê.
£100 geef die Genootskap. Dit *sal* hulle g
£50 geef intekenare en vrinde buite-af

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

£23 7 1 wat o'er is betaal Oom Lokomotief...
Of sal ons ver £173 ons saak opgoi?
Né, so nooit! "Patriot" sal ankomde jaar eers deur die land waar! En so lank as een hou sal Oom Lokomotief hou."

### VERENIGING MET DIE HOLLANDSE GENOOTSKAP.

Dat die vrinde dit daarom ernstig gemeen het, blijk uit verskeie handelinge. Veral toen daar sprake kom om, uit oorsaak van eie swakheid, te verenig met die Genootskap, wat in 1877 ten behoeve van die Hollandse taal sou opgerig word.

In 'n ander hoofstuk word met die stukke aangewijs, dat die "Regte Afrikaners" nooit teën Hollands was nie. Dit blijk egter hier al, dat die legende van vijandskap teën Hollands niks meer als 'n legende is.

Ds. Du Toit skrijf, 17 Aug., '77 aan mnr. H.:

"Van het Holl. Genootschap komt waarschijnlik niet veel terecht. Cachet (F. L.) en ik hebben twee dagen gekonfereerd; en nu zullen wij (anoniem!) een manifest uitvaardigen en dan privaat aan vrienden schrijven om te agiteren en adhaesies te schenken, met hunne namen, en onder dat aantal kruipen wij dan ook uit. Dan volgende jaar een Holl. tijdschrift om de 14 dagen." En op datum 30 Aug. '77:

"Hofmeyr (J. H.) heeft mij 100 lijsten voor Holl. Genootschap gezonden. Die heb ik alle gereed voor de post, een voor u. Maar onze zaak *moet* en *zal* voortgaan."

Ons kan begrijp dat die versoeking om te verenig toen groot was. Die mense was baing vijandig teën Afrikaans en die kas van die Genootskap was nie alleen leeg nie, maar die tekort was groot. Bowedien, die Paarlse vrinde wou sielsgraag iets doen vir die *landstaal*. Waarom dan maar nie vir *Hollands* geijwer nie?...

Oom Lokomotief skrijwe toen aan mnr. Hoogenhout: "Ek is bepaald teen vereniging. Bij mij was die vraag: is dit 'n uitkoms of 'n versoeking, 'n strik."

Wat daar gaande was blijk verder uit wat ons hier uit die notule van 10 Aug., '77, inlas:

"Die Voorsitter vraag, uit naam van die voorlopige Bestuur van die Hollanse Genootskap, of ons die "Patriot" an hulle sou wil o'ermaak, en onder watter voorwaardes? Ons Bestuur besluit om morre an die Algemene Vergadering voor te le: 1) Of ons nie self ons saak kan vortsit nie? 2) As ons nie kan nie om dit dan as 'n teken te neem, om dit o'er te maak an die Holl. Genootskap; mar dan onder die vollende voorwaardes:

a) Die Patriot blijf bij sijn *naam, beginsels* en *inrigting.*

b) Die taal moet gen *stijf* mar eenvoudig Kaaps-Hollans wees, sonder inmenging van uitheemse woorde.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

c) Advertensies, versla'e en stukke van die Afr. Genootskap sal in ider No verniet moet opgeneem worre, seg tot twee kolomme."

Die tak van Daljosaphat het toen die saak ook ernstig oorweeg. Laat ons tussen hakies sê, dat dit die enigste tak van die Genootskap was in die Kolonie, want die taalvrinde van Montagu wou meer als sodanig bijmekaar kom en nie bepaald als tak nie. Die Dalse Notule lui dan:

" Word besluit om gen formeele vergadering te hou nie, mar slegs d'e vra'e, wat op die jaarlikse vergadering van die Genootskap sal bespr ke worre te bespreek.

1. Of ons sal vortgaan met ons saak,
2. Of dit oer maak an 'n Hollanse Genootskap,
3. Of heeltemal opgoi ?

Algar eenparig te'en opgoi. Tussen vortgaan of verenig is die gevoele om vort te gaan as dit kan. P. J. Malherbe D.sn. stel voor, dat algar moet s'en om te'enwoordig te wees op die jaarlikse vergadering. D. J. du Plessis sekondeer. Alg. angemeen. Besluit om die saak tot 'n bepaalde saak van gebed te maak ieder ver hom self, terwijl ons Sondag aand van half 6 tot 6 uur ider afsonderlik en tog gesamelik daaran sal gedenk."

Hoewel die Perlse manne dus niks teen Hollands had nie, inteendeel hartelik wou saamwerk, het daar og g'n vereniging plaas gevind nie.

Die verdere geskiedenis kan kort verhaal word. Sedert begin 1878, het 'n beperkte aantal vrinde die uitgaaf van "Patriot" en "Almanak" op hul geneem, "en daarmee het die Genootskap as werkend liggaam so goed as uitgedien soos dit lijk" Kijk "Taalbeweging"). Op 'n losse vel in die Notuleboek het ons 19 name gevind. Ons kan seg, dat later die Afrikaner Bond daarvoor in die plek gekom, en die werk op 'n ander manier voortgeset het. Net op één punt werd nog aan die Genootskap behoefte gevoel, n.l. op die van 'n Afrikaanse Bijbel. Die vrinde het dan ook op 15 Aug., 1885, weer bijmekaar gekom om die saak te bespreek, soos elders aangewijs word.

Ons stip hier nog verlaas aan, dat die bekende wapen van die Genootskap geteken is deur mnr. von Wielligh. Die gedagte is van mnr. Hoogenhout en Ds. Du Toit.

## DIE LEDE VAN DIE GENOOTSKAP

Die eerste moet natuurlik Ds. Du Toit genoem word. Daar egter sijn persoon en werk die onderwerp is van hierdie boek, hoef ons hier nie verder oor hom uit te wij nie.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die tweede noem ons *mnr. Pannevis*. Al was hij nie eiënlik die vader van die Afrikaanse taal nie, hij was ongetwijfeld die grootvader daarvan. (Kijk hoofstuk Afr. Taal.

Mnr. Hoogenhout, mnr. Pannevis sijn vertrouwdste vrind in Suid Afrika, wat al mnr. P. s'n papiere nog in sijn besit het, was so goed ons enige lewensbiesonderhede mee te deel.

Mnr. A. Pannevis werd in 1838 te Ouderkerk aan die IJssel* gebore uit 'n deftige burger familie. Sijn vader, grootvader en misskien over'ergrootvader was mediese dokters. 17 Jaar oud werd hij benoem tot kwekeling aan die "School voor Rijks Zeemacht", met 'n toelaag (studiebeurs) van £400 per jaar, 27 Maart, 1858 het hij belijdenis des geloofs afgelê, te Utrecht. Op 1 Augustus, 1859, werd hij bevorderd tot Offisier van gesondheid bij die Marine. Swakke gesondheid het hom egter genoodsaak ontslag te vra, wat hij eervol verkrij het op 31 Oktober, 1861. Daarna het hij sig gewij aan die studie van Letteren, waarin hij 13 Januarie, 1864 kandidaats-eksamen gedaan het.

Verder gee ons mnr. Hoogenhout self die woord, wat in die Z. A. Tijdschrift van 1884, no. 80, 'n "In Memoriam" van Mnr. Pannevis geskrijwe het.

"Van de Redakteur van het *Zuid Afrikaansch Tijdschrift* niet alleen welwillende toezegging van opname, maar zelfs aanmoediging ontvangen hebbende om een woord van waardering te wijden aan de nagedachtenis van mijn dierbaarste vriend op aarde, wordt zulks temeer een behoefte des harten.

ARNOLDUS PANNEVIS werd, zo ik meen, omstreeks het jaar 1838 te Ouderkerk aan de Amstel geboren, in welke plaats, alwaar zijn vader als beroemd geneeskundige gevestigd was, hij zijne eerste levensjaren sleet. Een jongeling van zeldzame ontwikkeling zijnde, werd hij voor hetzelfde vak bestemd Hij studeerde, toen de tijd gekomen was, enige jaren te Utrecht in de geneeskunde. Later verkoos hij echter een letterkundige loopbaan en genoot hij het onderwijs van de bekwaamste mannen van zijn tijd. Onder zijn docenten noemde hij mij dikwels ook de naam van Dr. Van Oordt, tans nog in deze Kolonie woonachtig en bij velen onzer lezers welbekend. In de klassieke talen bragt hij het zo ver, dat hij bij wijze van uitspanning soms een Grieks treurspel op de rustbank lag te lezen, gelijk een ander b.v. een gewoon nieuwsblad leest. Het Frans, Duits en Engels was hij volkomen meester. Van Spaans, Italiaans, Deens en Zweeds had hij enige kennis; maar in zijn moedertaal muntte hij boven alles uit. Hij volgde de spelling en schrijfwijze van Bilderdijk, met welke beroemden

* Vgl Z A. Tijdschrift, Nov 1881.

dichter hij veel op had—of om zo te spreken van wiens school hij was.

Reeds als kind had hij begeerte om naar Zuid Afrika te komen. Zo vormde bij als schooljongen met een makker eens het plan om naar de Oranje Vrijstaat te gaan, daartoe opgewekt door de berichten van de gebeurtenissen in die Republiek tussen 1848 en 1854. Hij kon het niet velen dat de Hollandse nationaliteit daar zo verdrongen werd. Hij was trouwens zijn leven lang afkerig van zulke Afrikaners, die zich hun afkomst en moedertaal schaamden.

Het kind werd man. Op 28-jarige leeftijd, 11 Julie 1866, arriveerde hij per maalboot in de Tafelbaai. Kort na aankomst ging hij naar de Paarl en kwam aldaar in kennis met de onvergetelike Ds. van der Lingen. Onder het gastvrije dak van die beroemde en waardige men sleet hij als huisvriend de eerste maanden van zijn verblijf in zijn nieuw aangenomen vaderland. Tussen hen, mannen van dezelfde geestesrichting, ontstond al spoedig een innige vriendschap, die tot de dood voortduurde. Later gaf hij les in de oude talen, wiskunde, enz. aan enige jongelingen, die daartoe door Ds. van der Lingen aanbevolen werden: onder hen noemen wij slechts Ds. S. J. du Toit, tans Superintendent van Onderwijs in de Zuid Afrikaanse Republiek Na de dood van Ds. van der Lingen bracht hij diens bibliotheek voor de verkoop in orde, een reuzenwerk waaraan hij zes maanden besteedde, getuige de met zorg zamengestelde catalogus. (Men zie ook in de levensbeschrijving door mevrouw De Villiers van haar overleden vader in het licht gegeven, met hoeveel waardering van de heer Pannevis gesproken wordt).

Enige jaren lang was hij professor in de oude talen aan het Paarlse Gymnasium. Kort daarna begon zijn lijden. Door overspanning en onophoudelike letterarbeid verzwakte het zenuwgestel, en zo was hij bij tijden soms zeer zwaarmoedig. Gedurig kwamen er echter weer perioden van verademing als hij zich maar rustig hield; doch dat ging niet altijd. Het beste bevond hij zich op de een of andere stille boerenplaats, waar wij hem dan ook in zijne laatste levensjaren aan jonge kinderen de eerste beginselen van onderwijs zagen meedelen, alsof dat zijn levenstaak ware. Voor de pers bleef hij in zijne kalme uren steeds voortwerken, en niemand die de oprichting van het Z. A. Tijdschrift, als een gunstig teken des tijds, met meer geestdrift begroette dan hij. Menig stuk onder zijn naam of de initiale P. is in dit maandschrift verschenen. De dag vóór zijn dood werden er nog een paar vraagstukken voor 't Gezellig Tijdverdrijf (die in een volgend No. zullen verschijnen) van hem ontvangen. Een schat van opstellen, gedichten, enz, is onder zijne papieren gevonden, waarvan met toestemming van zijn familie wel eens gebruik gemaakt zal worden.

Arnoldus Pannevis had vele vrienden; doch zoals het met mannen van zijn aanleg gaat, ook velen die hem miskenden, omdat zij hem niet konden verstaan, of liever gezegd niet wisten te waarderen.

Met een hart voor de lijdende medemens was hij iemand die in stilte weldeed (hij was niet onbemiddeld): wars van vleie-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

rij en ijdeltuit; rondborstig fouten aanwijzende waar hij die ook vond en geen zonde zwakheid noemende; gehecht aan de leer der Ned. Geref. Kerk waartoe hij behoorde; een teder Christen, die zijn God in alle ootmoedigheid en nederigheid kinderlik diende; matig in zijn leefwijze; een getrouw vriend, "die meer aankleeft dan een broeder"; ziedaar hoe wij hem—een van de geleerdste mannen die Z. Afrika bezeten heeft—gekend hebben.

Op 14 Augustus is hij plotseling, door het barsten van een hartader, zonder enige smart, op 46 jarige ouderdom ontslapen, ten huize van de heer W. P. du Plessis, te Groenberg. De volgende dag werd het stoffelik overschot in de familie-grafkelder van Ds. Van der Lingen, aan de Paarl, bijgezet. Die familie heeft niet alleen aan de levende vreemdeling maar ook aan de doode welgedaan. "De Heer merkt er toch op."

*Zacht ruste zijne asse tot de bazuin zal slaan!*

So het dan die doodskaduwe sig eindelik ook om mnr. Pannevis vergader, nadat veel lijde was gelede en veel angste deur sijn siel was heengegaan, veral tengevolge van 'n akelige senewekwaal.

Ons gee hier die merkwaardige brief, waarmee hij afskeid neem van die Genootskap. Wat 'n mooie, opregte siel spreek daaruit! Die brief is gedateer 15 Sept., 1877.

Geagte Vrinde!

Dis myn plan om die Perl te verlaat en die stilte weer op te soek; en nou wil ik my ook, so veul als kan, los maak van alle verbintenisse en verantwoordelikhede. Daarom bedank ik voor de lidmaatskap van die Genootskap, ofskoon myn gesindheid voor die Afrikaanse saak in die minste nie verander is en, soos ik vertrou, no dit verander sal. So lank als ik lewe, hoop ik dit met woord en daad te kan toon; want myn hart is voor die saak, en ik bid dageliks dat die Heer dit mag segen en voorspoedig maak, en dat Hij alles wat daarvoor gedaan word, mag laat dien om tot Syn eer die reg van die Afrikaanse nasie uit te werk en te verseker. Ik wens dan dat dit julle mag goed gaan, en dat julle van wysheid, krag, en iewer mag versien wees om die grote doel wat julle in die oog het, te bereik.

Deur ongesteldheid is ik verhinder om deuse besluit van myself op die vergadering van vandag te kom bekend maak; en daarom doe ik dit nou per brief.

Ik blywe

Julle opregte vriend,

A. PANNEVIS.

P.S. Versoek om deuse brief op die Vergadering van vandag voor te lees.

D. F. DU TOIT.

De volgende lid van die Genootskap, wat biesonder maar vore getree het is die ouere broer en mede-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

stander van Ds. Du Toit, n.l. mnr. D. F. du Toit, gewoonlik "Oom Lokomotief" genoem.

Op 'n versoek om ons aangaande sijn lewe wat biesonderhede te stuur, het Oom Loko hierdie brief geskrijwe, wat ons buite sijn wete als karakteristiek van die persoon letterlik opneem:

"Mijn eie lewe is van te gering belang. Mijn dringend verlange is dan ook dat noch in mijn lewe, noch na mijn dood, daar iets van sal geseg worde. Als ek dit nie alreeds gedaan het nie (ek meen ik het), dan versoek ek hierbij, nee eis, dat jij van mijn naam en persoon *so min molik* sal laat voorkom. Als dit molik was sou ek versoek om dit geheel weg te laat, al sou jij dit dan nodig ag om te sê dat dit op smekend versoek geskied. Ek het nog onlangs aan Hoogenhout geskrewe om, als hij mij oorleef, tog niks omtrent mij te skrijwe nie. Ja, ek het hom dit besweer om dit nie te doen nie. Dit kan mijn laaste versoek aan jou wees en ek doet dit so beslis molik om te vra: laat mij so veel *molik* uit jou beskrijwing, als dit kan *geheel*. Ek glo nie dat een van die broers of susters mij ken nie. Jou vader en tante Borrie* misskien nog die beste. Jou vader sijn is met hom weg en tante Borrie kan hare nie meer meedeel nie.†

Ek verlang ook om maar liewer onbekend van die toneel te verdwijn".

Tot sover Oom Loko. Tot onse spijt moet ons dus so min molik sê, want hom geheel buite die boek laat kan ons Oom Loko met g'n molikheid nie. Daarvoor was sijn aandeel te belangrijk in die nasionale oplewing van die tijd.

Oom Loko was soos 'n geestelike tweelingbroer van Ds. Du Toit in hul jonge jare. Same het hul heelwat kattekwaad uitgehaal. Later het Oom Loko bij sijn jongere broer privaat les geneem, in Paarl en Stellenbos. Reeds vroeg werd hij redakteur van die "Patriot", en toen Ds. Du Toit naar Transvaal vertrek, moes Oom Loko bijna alleen regstaan vir alles. Dit het hij op bekwame wijse gedaan, veral ten opsigte van Vrije Onderwijs en Afrikaner Bond. Later was hij woonagtig in die Vrijstaat (Ladybrand) en weer later werksaam aan die "Express". Gedurende die grote oorlog werd hij naar Indie verban. Nou is hij bibliothekaris van die Provinsiale Raad te Bloemfontein. Tweemaal moes hij die verlies van

* 'n Ouere suster.

† Wegens geheuë swakheid. Sedert is sij ook oorlede.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

eggenote beween, iets wat hom grote smart veroorsaak het.

C. P. HOOGENHOUT.

Mnr. C. P. Hoogenhout, seker nie 'n mindere man onder die "Regte Afrikaners" nie, het ons versoek om enige biografiese trekke bijna op dieselfde manier beantwoord als Oom Loko. Kijk hier wat hij skrijf:

"Vriend Pannevis sei eens, toen ik hem met voldoening vertelde, dat "Uw en Mijn Cijferboekje" zo gunstig beoordeeld werd: Zorg toch dat je op aarde je loon niet weg hebt. Ik heb die woorden nooit vergeten. "Loko" en ik hebben ook een afspraak, dat de langstlevende van ons beiden de ander *niet* zal prijzen na zijn dood.

"En nu bent u, vrees ik, bezig om 't in uw boek te doen. Daarom was uw brief mij minder welkom. Ik had gaarne gezien, dat mijn naam er maar helemaal uitgebleven was. Doch aangezien zulks nu blijkbaar niet goedschiks meer kan, schrijf ik u net het volgende:

"Geboren te Amsterdam, in 1843; naar Z. Afrika gekomen in de tweede helft van de vorige eeuw; meer dan 40 jaar onderwijs gegeven en in 1908 afgetreden; jaren lang mede-redakteur van 't *Zuid Afr. Tijdschrift.* ("Boerderij en Gezellig Tijdverdrijf"). Geschreven: Die Geschiedenis van Josef, Catharina die Dogter van die Advokaat, (eerste boekjes in 't Afrikaans), Uw en Mijn Cijferboekje, De Watergeneeskunde, (vertaling), Die Lewe van George Muller, (vertaling). Verder een aantal gedichtjes of rijmpjes—hoe gij het noemen wilt en andere losse stukjes.

"P.S. Maak 't s.v.p. zo kort mogelik. Ik meen dat de eerste 2 lijnen al genoeg zijn"

Mnr. G. J. Malherbe,—'n ander lid—het in G. Drakenstein opgegroei. Hij was eers getrouwd met 'n dogter van Ds. Van der Lingen en het aan die Paarl gaan woon. Hij woon nog in die huis, waarin die Genootskap gestig en die eerste drukkerij opgerig is. Die eerste boekies draag die naam van sijn seun P. J. Malherbe als drukker.

Mnr. D. F. du Toit, D.F.s., bekend als "Dokter" het in Daljosaphat opgegroei. In 1873, het hij die reis met Ds. Du Toit naar Transvaal meegemaak. 26 jaar lang was hij bestierder van die Paarlse Drukkerij.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en steeds 'n getrouwe vrind van Ds. Du Toit. Nou is hij boer in Daljosaphat, op die plaas wat deur sijn grootvader aangeleg is. "Dokter" is getrouwd met 'n dogter van mnr. P. J. van Nierop, 'n bekende Paarlse Afrikaner. Hij het twee knappe seuns—een Dr. in Chemie en die ander Dr. in Soölogie.

Ds. Ahrbeck was later predikant te Prieska. Hij werd vroeg al geplaag met doofheid. Hij is tans als emeritus woonagtig in Somerset Strand.

Mnr. P. J. Malherbe is 'n susterskind van Ds. Du Toit. Hij het in Groot Drakenstein opgegroei en het enige jare aan die Paarlse Gymnasium geleer. Die Transvaalse reis van 1873 het hij meegemaak en weet nog alles haarfijn te vertel so sterk is sijn geheuë. Hij is nou boer in Daljosaphat en was 'n buurman van Ds. Du Toit. Sijn seun is Dr. D. F. Malherbe van Bloemfontein.

Mnr. S. G. du Toit werd opgelei aan die Paarlse Gymnasium en was tot sijn dood onderwijser te Rawsonville.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## HOOFSTUK V.

## *DIE AFRIKAANSE PATRIOT.*

### WIE WAS OOM LOKOMOTIEF.

Oom Lokomotief is deur die "Patriot" so'n bekende naam geword in Suid-Afrika, dat dit wel die moeite werd is om vereers die vraag te beantwoord : wie dan tog Oom Lokomotief was?

Soos ons reeds gesien het, werd deur Ds. Du Toit, als "Ware Afrikaner" die medebroeders opgeroep met die versoek, dat hul vir hulle in verbintenis sal stel met Oom Lokomotief, onder adres van mnr. Hofmeyr, "Zuid Afrikaan" kantoor.

Die Notule van die Genootskap sê verder : Op die vergadering van 25 Sept., 1875, word tot "redakteurs" van die "Patriot" gekies mnre. C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit, D.P.sn, tot "correcteur" (!) Ds. Du Toit en tot "editeur" mnr. J. W. v.d. Rijst. In die verg. van 15 Jan., '76, heet dit: mnr. Hoogenhout maak beswaar om langer die naam van Lokomotief te hou, omdat hij te ver van die pos woon, ens. Dan word beslote, "dat die uitgewer van die "Patriot" die naam Lokomotief sal oorneem!

Op 15 April, '76, word als volg genotuleer: "Die president word weggeroep. Die saak of Ds. Du Toit sal bedank als lid van die Genootskap, word ter sprake gebreng en mnr. D. F. du Toit, D.P.sn, stel voor, gesek. deur mnr. P. Malan, dat aan die president gesê worde : "Die sijn hand aan de ploeg slaat", enz. Dit werd aangenome. Dog die werk was vir die paar persone te veel, daarom werd op 'n wenk van die voors. goedgevonde, dat 'n "administreur" sal aangestel word, wat meteen redakteur sal wees. Als sodanig werd mnr. Hoogenhout gekose, wat die aanstelling aanneem (verg. 19 Aug., 1876), onder sekere voorwaardes, o.a. dat hij nie sal bekend staan nie als redakteur maar als bestuurder. Vir die eerste drie maande van 1877 werd, tot die koms van mnr. H., mnr. M. L. Rossouw aangesog om als sodanig op te tree. In die verg. van 3 Maart, 1877, kom 'n brief voor van mnr. H., dat hij bedank. In 'n brief aan Ds. Du Toit, noem hij als een van die redene: dat hij graag stilletjies wil help, maar dat hij hom

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

g'n familiehaat op die hals wil haal nie. Later word met mnr. H. heen en weer geredeneer, maar hij wou nie, totdat in die vergadering van 12 Febr., 1878, mnr. D. F. du Toit gevraag word en die redakteurskap ook aanneem.

Met hierdie notule-getuigenis kom in hoofsaak ooreen wat mnr. D. F. du Toit, op ons versoek, daaromtrent meedeel: "Als maandblaadjie het ons dit geredigeer. Hoogenhout was toen onderwijser aan Groenberg, en ek in die Dal. In 1877 is die "Patriot" weekblad geworde en was mnr. M. Rossouw, die nominale redakteur, in werkelikheid Ds. Du Toit. In 1877, werd pogings aangewend om mnr. H. als redakteur te krij. Toen hij beslis weiër, is die keuse op mij geval en was ek van 1878, verantwoordelike redakteur onder mijn naam. Tot dusver was die name geheim. Die inleidings-artikels werd mees deur Ds Du Toit geskrewe, nadat 'n groot gedeelte van die artikels deur ons same besproke was. Met sijn vertrek naar Transvaal, (einde 1881), kwam in hoofsaak alles op mij neer. Dit was reeds die geval toen hij naar Palestina op reis was. Uit Transvaal het Ds. Du Toit nou en dan 'n artikel gestuur, en ook van prof. Cachet het ek verskeie artikels ontvang."

Die hele kwessie kom hierop neer: Die naam Lokomotief (van mnr. Pannevis afkomstig, volgens meedeling van mnr. Hoogenhout), was bloot 'n *adresnaam*. Die name van die lede van die "Genootskap" was geheim en daar moes tog 'n adres wees vir korrespondensies, ens., met die "Genootskap". So werd die naam opgegee en het mnre. Hoogenhout, v.d. Rijst en M. Rossouw agtereenvolgens daaronder geageer. Na verloop van 'n paar jaar was dit 'n gemeensame naam geworde. Toen mnr. D. F. du Toit (D.P.sn) die redakteurskap aanvaar het onder sijn naam als verantwoordelike persoon, was die naam van Lokomotief al so ingewortel, dat maar min mense daaraan gedag het om briewe aan die "Patriot" anders te adresseer. So is mnr. D. F. du Toit, Lokomotief geword en geblij.

Ons voeg hier nog bij, dat in 1876 die "Patriot' gedruk werd bij mnr. Hofmeyr aan die Kaap, in klein formaat, teen £3 5 vir 200 eksemplare. In die eerste jaargang kom weinig politiek voor. Die strijd was meer beperk tot taalkwessies. Vir die volgende jare was die geheime rubriek-verdeling als volg: leader deur Ds. Du Toit, alsook beantwoording van vraë; buiteland, binneland en korrespondensie deur

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

mnr. D. F. du Toit, D.P.sn; gedigte en kinderrubriek deur mnr. Hoogenhout; markprijse en advertensies deur mnr. D. F. du Toit, D.F.sn.

OOM LOKOMOTIEF SIJN EERSTE ARTIKEL.

Die eerste artikel van die "Patriot" werd deur Ds. Du Toit en mnr. Hoogenhout same opgestel. Van mnr. H. is die motto: „Klein begin, aanhou win" Hier volg nou die stuk (met enige uitlatings):

"Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks perde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollanse* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks perde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan se net wat ons wil.

"*Afrikaanse Patriot.*" Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een "*Patriot*" is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:—klein, maar fluks....

Afrikaanders! vraag julle altemitters wat daar in die koerant sal te lees wees, of, in andere woorde, hoe ons die blad sal inrig? Kijk dan, hier is die plan:

1. Een Inleiding. 2. Afrikaanse Correspondensie. 3. Afrikaanse Geskiedenis. 4. Afrikaanse Gedigte. 5. Afrikaanse Taalkennis. 6. Een Maandelikse O'ersig van die voornaamste nuus. 7. Vra'e en andwoorde.

No. 1. *Die Inleiding* skryf ons selwers o'er belangrikke sake.

No. 2. *Afrikaanse Correspondensie* is ver julle om te skrywe. Julle kan Afrikaanse briewe en stukke opstuur. Druk op dat dit help! Die grootste gros van ons nasie was tot nog toe so's doofstomme gereken. Dis hulle vertel, " julle het geen taal nie!" En in een seker sin was dit so. Want die meeste Afrikaanders het nie so veul Hollans of Engels geken dat hulle daarin goed kan praat of skrywe nie, want dis ver ons twe vreemde tale en ons het nog geen tyd en skole gehad om vreemde tale te leer nie. En ons ei'e taal was nog nie erkend nie. So moes meer as een Afrikaander wat *verstand en gees* het stil bly, omdat hij *geen taal* het waarin hij hom kon uitdruk nie. En die Hollanse of Engelse taal wat hij daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as Sauls wapenrusting ver David. Né, jonge Afrikaanders! goi nou weg die vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger! En goi elke vyand, al is hij so groot as Goliath, teun die grond. Ja, nou kan elke Afrikaander skrywe wat hy wil in syn ei'e taal. Wat traak ons verder met Hollanse Spraakkuns of Engelse Woordenboek. Nou skryf ons nes ons praat, en seg net wat ons wil. Kom nou voor 'n dag, verborge perels en diamante! Waarom langer onder

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die vreemde stof begrawe en met vreemde voete vertrap? Kom uit nou, Afrikaanders! en laat ons sien of Afrikaanders nie net so veul gees het as eenig ander nasie op die wereld nie! Waarom moet ons hart langer die graf wees van ons gedagte? Kom uit! Skrywe julle taal! Hulle skryf wel Kaffertaal en Boesman-geklap te'enwoordig. Waarom ons taal dan gesmoor? Kom uit! Ons weet daar is gees genoeg; dis net nog mar verborge!

No. 3 Is ook ver julle—Ons sal saam werk.

No. 4 Is ook ver julle. Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie. Jonge Afrikaanders! julle kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kerels! Stuur mar! Die wat een beter gedig stuur as ons "Volkslied," die kry van ons een pluimpie. En die wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.

No. 5 Is ver julle en ver ons same, om te skrywe o'er ons taal. Een taal is een ding wat nie soemar kant en klaar uit die hemel val nie. Kijk mar Hollans en Engels, hoe 't hulle dit eers geskrywe, en hoe nou!

No 6 Blyf ver ons...

No. 7 Is ver ons Intekenaars. Elke intekenaar het reg om eenige vraag in ons blad te doen, en elke intekenaar het reg om eenmaal daarop te andwoorde, mits alles onder toesig van die Redaktie...

Is daar nog Afrikaanders wat vra wat ons doel is? Ons andwoord is:

"*Om te staan ver ons taal, ons nasie en ons land.*" Is daar spotters? (daar is seker baiang). Spot mar fluks op! Ons troos ons daarmé, julle spot uit DOMHEID! Alle dinge word bespot. Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot, enz. En sou die Afrikaanse taal dan vryloop? Een Regte Afrikaander sal nie spot nie, en dis ver Regte Afrikaanders, Afrikaanders met Afrikaanse harten, wat ons skrywe, en nie ver spotters!...

Ons sal an die Editeur van die "*Zuid-Afrikaan en Volksvriend*" altyd dankbaar wees ver die hulp en vriendskap wat hy ons betoon het en nog bewys.

En nou: Klein begin, Anhou win. Dis tog mar een al te ware woord. Een babetje kan een reus worde; en waarom sou die "*Afrikaanse Patriot*" nie een Afrikaanse reus kan worde nie?...En met die gegronde hoop, en die welgemeende wens, stuur ons die eerste nommer van die "*Patriot*" die wereld in. En skree al wat ons kan, en roep ider "Regte Afrikaander" toe om ook saam te skree: "Hoere ver die "*Afrikaanse Patriot!*"

"*Afrikaanse Patriot*" bo'e!!"
"Hip, hip, hip, hoere!!!"

Adres Oom Lokomotief was: Kantoor van die Zuid Afrikaan en Volksvriend, Kaapstad.

## OOM LOKOMOTIEF S'N INVLOED.

Die "Patriot" het in Jan., 1876, met skaars 50 intekenare begin. Die no. van 19 Augustus d.a.v.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sê: "Die blatjie is nou 8 maande oud, en sijn intekenare is nou ruim *agmaal* so veul as bij die begin. Hij het o'er die dertig agente." In 1877 werd dit 'n weekblad in groter formaat. "Nou is daar 663 intekenare, sê die rapport van die Genootskap, en nog elke week kom nuwe bij" (no. van 24 Aug.) In Aug., 1878 was die getal 950, (no. van 6 Sept.)

Enige maande tevore (no. van 22 Maart,) skrijf die blad: "'Die invloed van die "Patriot" neem bij die dag toe, so selfs dat die burgers in buite-distrikte private poste oprig om ons blad geregeld te krij en te sien wat onse raad is in die moeilike omstandigheid" (n.l. die Transvaalse Anneksasie). "Ook in die Vrijstaat (soos in Transvaal) maak die "Patriot" opgang. Een agent skrijf: die mense is hier almal ver die Taal." (Sie verder onder Trans. Anneksasie.)

In die no van 19 Des., '79, lees ons: "Ons ken gen onderneming in ons land, wat so gestadig voortgegaan het onder sterke en heftige teenstand, soos die "Patriot". Jaarliks het hij 'n 400 intekenare bijgekrij. Laaste jaar is daar tussen die 500 en 600 bijgekom. Ons geef Gode die eer en skrijf dit nie aan ons self toe nie."

8 Julie, '81 kon die redakteur vrijer asem haal:

"Die Patriot is nou agent van die "Express" en "Volkstem" in die Kolonie, terwijl hulle goedgunstig die agentskap ver die Patriot waarneem in die Vrijstaat en Transvaal... Ruilnommers van die Patriot word in die laaste tijd nie alleen gevraag deur S. Afr. koerante, mar selfs deur Europese blaje... Toch het nog 'n distriks-koerant gesê: "Die Patriot self is 'n vod, 'n vulleslap; sijn redakteur hoort onder Kaffers tuis."

Maar laat Oom Lokomotief self daaroor verder uitpraat in sijn no. van 30 Des., '81:

"Mar wat aparte vermelding vereis, is *die buitengewone vooruitgang van die Patriot.* Syn toeneming was seker en gewis, iets meer as één nuwe intekenaar ver elke dag, so naastenby 400 nuwe intekenaars het hy al jare bygekry. Mar in die afgelope jaar was die toeneming meer as verdriedubbeld.

"Vraag iemand waaran ons dit toeskryf, dan wys ons op twe oorsake: 1) die Transvaalse oorlog het ons gewis 'n paar honderd extra nuwe intekenare besorg, om onse besliste verdediging van onse verongelykte landgenote; 2) mar die eintlike vooruitgang het ons te danke an die Synode. Teen die end van die vorige jaar het die Grote Raad, in 'n ywer sonder verstand, die *Patriot* onverhoord, en

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sonder enige regmatige gronde veroordeel, en die veroordeeling werd in duisende boekies afgedruk en deur die predikante en ouderlinge versprei in die Gemeentes. Met hulle *invloed* sou hulle, teen reg en waarheid an, die *Patriot* nou uitroei. En wat was die gevolg? Dis al weer geblyk, soos al honderd male vroeger in die Wereld- en Kerkgeskiedenis, die waarheid is sterker as die invloed van heersende partye en persone. Toen was ons getal intekenare nog gen 2,000 nie; nou word 3,700 Patriotte gedruk."

OOM LOKOMOTIEF EN DIE SINODE

In die Kaapse Sinode van 1880 was die "Patriot" amper twee daë lang die onderwerp van bespreking. Die beskrijwings-punt, wat die aanleiding was het gelui:

" Met het oog op art. 10 onzer Kerkelyke Wetten benoeme de Synode eene Commissie om te onderzoeken of en in hoeverre zy een oordeel zal uitspreken over de geest en de strekking, in het godsdienstige zowel als in het politieke, van het weekblad, genoemd *die Afrikaanse Patriot*."

Ons gee hier kortheidshalwe net die toespraak van Ds. Du Toit, op die Sinode gehou. Die verslag is anders baing interessant.

" Ds Du Toit zeide het voorstel van de Scriba te ondersteunen. Het was zeer nodig om de zaak van de *Patriot*, waar zolang over gesproken was, naar een Kommissie te verwyzen. De Scriba had de vorige dag met warmte en naar zijn diepste overtuiging gesproken, maar in zyn pleidooi was er meer warmte dan grondigheid. Geen enkele zijner beschuldigingen had hy bewezen. Het gevoelen der redaktie vond men in de inleidingsartikelen, maar die waren in het geheel niet aangehaald. Voor ingezonden stukken was een redakteur niet aansprakelik. Men had gesproken over de verdachtmaking der kerk, maar het aangehaalde over de kweekschool was uit een ingezonden stuk, waarvoor de redaktie niet aansprakelik was. Er waren aanhalingen gedaan uit zekere stukken " de laatste dagen " getiteld, en spreker had die stukken er in laten zetten omdat de lezers godsdienstige stukken verlangden, en zowel andere leeraars als hy zelf hadden zulke stukken geschreven, maar de zyne stonden onder zyn eigen naam en hy was er zelf verantwoordelik voor. Wat er intussen verder in het blad gevonden werd, daar was hy niet verantwoordelik voor en hy keurde het ook niet alles goed. Wat hy verder geschreven had dat had hy geschreven naar zyn eigen overtuiging, en niemand had hem ooit aangezegd dat hy er kwaad mee deed, behalve een broeder die hem te kennen had gegeven dat hy niet tegen de speciale diensten moest schryven. Hy had toen geantwoord dat hy alles zou terugtrekken als men hem van dwaling overtuigde, en hy had insgelyks aangeboden over de zaak een openlike pennestryd te voeren, maar hy had naar hy vernam om zyn tydelik vertrek naar elders, hier geen antwoord op ontvangen. Hy was ook zeer bereid om als een der broederen hem aantoonde dat hy verkeerd geschreven had dit te herroepen Wat de eigenlike kwestie betrof, waarom was juist de *Patriot* ter verantwoording geroepen? Omdat, was het antwoord, het blad zich voordeed godsdienstig te zyn. Maar had het bybelteksten verkeerd voorgesteld, zodat het bleek dat het een valse godsdienst huldigde? Niets daarvan was gebleken, en toch had men het blad allerlei namen toegevoegd. Hij wilde niet alles rechtvaardigen wat

het blad over predikanten gezegd had maar dit kon hy zeggen dat geen blad minder de naam van "wolf in schaapskleren" verdiende, want het sprak zich rondborstig en openlik uit. Hy las de *Patriot* trouw en had niet gevonden dat het de bevolking tegen de regering opzette. Het blad maakte dikwels aanmerkingen op Regeringsdaden, maar had er herhaaldelik op gewezen dat men de Regering moest gehoorzamen. Spreker las een artikel voor uit het blad over de plicht der burgers by de Basuto-oorlog, waarin gezegd werd dat men, als men opgekommandeerd werd, te velde behoorde te komen. Dan had men de zaak der Transvaalse annexatie, toen de *Patriot* alleen de bevolking steeds ter zyde had gestaan maar tevens op de noodzakelikheid had gewezen om zich tot lydelik verzet te beperken. Paul Kruger en Piet Joubert hadden naar hun eigen getuigenis, zonder de *Patriot* het bloedvergieten niet kunnen verhoeden. Nooit was in het blad de bevolking opgeroepen om tegen de regering in verzet te komen. Spreker las daarop een nieuwjaarswens van het blad voor waaruit het bleek dat de Koningin werd toegewenst dat zy lang mocht regeren en het in haar naam gepleegde onrecht hersteld mocht zien. Ook de Synode kreeg een heilwens in het gedicht. Dit was genoeg om de geest der redaktie te doen zien. Van de redaktie was niets wat men verdachtmaking van predikanten kon noemen, en evenmin had zy iets gezegd tegen inrichtingen als de Normaalschool, enz. Een Kommissie kon dit onderzoeken, en daarom was hy voor het voorstel van de Scriba. Dat de bevolking naar de Synode, als zy de *Patriot* veroordeelde zou luisteren dat geloofde hy, als zy alle goede redenen gaf, maar een eenvoudige gevoelsuiting zou geen goed doen. De Scriba had gezegd dat de Patriot voor verbetering vatbaar was. Dat was hy. Wat een leeraar in het blad schryven wilde zou niet geweigerd worden. De redakteur was overigens lid der kerk, nl. van de gemeente Wellington, en als de Kommissie zyn inleidingsartikelen doorlas dan zou zy zien wat er aan was van de tegen hem ingebrachte beschuldigingen.

Het was half vyf en de Moderator zeide dat Ds. du Toit zyn reden de volgende dag kon voortzetten. Daarna kwamen de kladnotulen, en het nagebed werd gedaan door de onderling van Graaff-Reinet"

Die diskussie het toen afgeloop met die aanneming van die volgende voorstel van Ds. Muller: "Dat die Synode syn afkeuring uitspreek oor die pogings in die *Patriot* om 'n gees op te wek van suspisie en veragting van predikante van die kerk en ander inrigtings. Sulke pogings is teen die Bybel en Gristelike leer, en moet 'n slegte invloed uitoefen op die welvaart van die kerk." (*P.* 29 Okt., '80).

Hoor nou die "Volkstem" s'n opinie oor die sinodale handelwijse:

"*Die Patriot* heeft het zeldzame geluk gehad van bykans twe dagen lang het onderwerp van diskussie te hebben uitgemaakt in de Synode der Ned. Gereformeerde Kerk te Kaapstad. De diskussie ontstond uit een voorstel van Ds. Hofmeyr, van Somerset Oost, die een kommissie wilde aangesteld hebben om te rapporteren over de politieke en godsdienstige strekking in de *Patriot*.

Onzes inziens had de Synode beter gedaan met zich niet in te laten met de *Patriot* Wy zyn geen bewonderaars van dat blad, maar evenmin behoren wy tot deszelfs heftige tegenstanders en alles dat we door de Synode uitgericht kunnen zien is dit, dat zy aan het licht heeft ge-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bracht dat de *Patriot* een veel grotere macht in het land is dan vroeger bekend was, en dat die macht veel waarschynliker vergroot dan, verminderd zal worden door de diskussie en het genomen besluit. Geen politieke noch kerkelike banbliksems zyn in staat een nieuwsblad te vernietigen dat een behoefte in het land vervult en, schoon wy de taal verafschuwen waarin de *Patriot* geschreven is en vele der door haar geuite gevoelens veroordelen, kunnen we toch de ogen niet sluiten voor het feit dat zy een van de krachtigste faktoren is geweest om het volk van Zuid-Afrika een besef te doen krygen van zyne politieke rechten en verantwoordelikheden." (*P.* 3 Des. 80).

OOM LOKOMOTIEF EN SIJN VRINDE.

Daar was 'n nouwe band tussen Oom Lokomotief en sijn lesers. Dit is nog die sukses van 'n koerant-onderneming. Denk aan Stead s'n *Review*. Oom Lokomotief het die kuns verstaan om sijn lesers aan te haal en aan hom te verbind. Lees maar:

"Julle moet weet dat Oom Lokomotief, as Redakteur van die Patriot, nie juis onder die genootskap (van regte Afrikaners) staat nie, sodat hy mar alles *moet* goedkeur of afkeur same met die genootskap...'n Redakteur van 'n koerant moet vry wees....

Alleen 'n ruime en algemene ondersteuning kan Oom Lokomotief in staat stel om syn plan uit te voer (n.l. om die Patriot als 'n volwasse koerant uit te gé). Tot nog toe was dit 'n saak van grote opoffering. Daar leg die tekort van vorige jaar nog op syn skouwers, dis o'er die £140. Dan ver van jaar sal die tekort oek wel nie minder wees nie. Dan het ons al van deuse jaar die Drukpers en party letters aangekoop ver ruim £200. En nou, die grote snelpers en ander dinge, wat ons uit Europa ontbode het, kos nog 'n ruime £300... Glo tog, dit val Oom Lokomotief, met 'n paar ander vrinde, net *swaar* om alles te dra. Dis amper onmo'entlik ver ons partykeer om moed te hou. Almal *prys*, mar weinige *help*. Glo ons tog, ons is nie mense wat geld het nie. Dit gaat met sugte en gebede gepaard." (*P.* 6 Sept. '78).

Werkelik het die lesers hierop begin vrije gifte stuur vir 'n "snelpers". Die bedraë werd erken en loop van 5/- tot £20! Op die manier het Oom Lokomotief honderde ponde ontvang. Waar sien 'n mens in onse tijd nog so iets? Die volgende is 'n staaltjie van hoe dit gegaan het:

"Intekenaar stuur £2 15s. 6d. en skryf: "Ek stuur ver jou 'n bietjie geld ver die snelpers en wil jou vertel hoe dit gekom het. Dit was 'n reendag en ek sit *Patriot* lees, almal sit en luister. Dit kom toen by myn op, ons moet algar wat ge. Ek seg toen: kom vrou en kinders, ek sal £1 ge, vrou jy kan 10s. ge. Sy seg: ne, dit is te min, ek wil oek £1 ge. Daar kom die suster, sy is baing arm, en seg: ek sal 2s. ge; die dogter seg: ek sal oek 2s. ge; die seuntje seg: ek ge 5s., toen seg somar drie kleintjies gelyk, ons sal elkeen 2s. ge; oplaas kom die kleinste, nog baing dom, en seg: ek sal 4s. ge. Ek seg ver haar: ne my kind, jy kan 'n sikspens ge, alle bietjes help. Dit maak dus £2 15s. 6d

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Eendrag maak mag." Intekenaar met vrou, suster en kinders ontvang hierby ons dank ver hulle welmenende en welkome bydragings. Van 'n ander intekenaar 10s. ver dieselfde doel met dank ontvang." (*P.* 1 Nov. '78).

Ook hierdie stukkie is leersaam en wijs op die persoonlike band van redaksie en intekenare:

"Vraag imand, of die *Patriot* nie mar ver andere wette voorskrywe nie, sonder selfs op te offer nie? Vrinde, ons seg dit nie om te roem nie, mar om an ons woorde nadruk te ge en andere op te wek, ons werk en geef bo ons mag. Daar is gen saak in belang van land en volk waarin ons terug tre nie. Denk o.a. an die Petisies ver Transvaal, wat ons telkens ver eie rekening gedruk en versprei het; denk an Petisies ver Hollans wat op onse koste uitgestuur is deur die hele kolonie; netso die ver die Bybel op die Skool; denk an boekies wat ons gratis druk en versprei, soos o'er Afrikaner Bond, o'er Gedenkskool ver die Hugenote, o'er Ons Land en Ons Volk, o'er Onse Taal en Ons Land, ens., ens. En dit alles doet ons nie uit ons owervloed nie, mar met grote skulde, en met 'n nie te beskrywe opoffering."

### OOM LOKOMOTIEF EN SIJN VIJANDE.

Behalwe die Sinode het Oom L. 'n heirleër ander vijande gehad. Meesterlik beskrijf hij hul aldus in sijn no. van 6 Des., '78:

"Onse Afrikaanse saak neem geweldig sterk toe, in die laaste tyd veral, soos al ons lesers weet. Mar net so sterk is die vyandskap oek toegeneem, of liwers, net so sterk is die verborge vyandskap teen ons openbaar geworde

Onse saak neem sterk toe. Gen week sonder nuwe intekenare nie. 'n Nuwe snelpers is ontbode en die Afrikaners spring van alle kante by om dit te betaal. Die *Patriot* kom ankomde jaar die helfte groter uit. Die Genootskap het besluit om 'n begin te maak met die Bybelvertaling. Die eerste leerboekie is gou van die hand geset, en beandwoord goed, ens.

Ons het dag en nag gewerk ver die saak, haas bowe ons swakke vermoge, sonder enige beloning, alles met die oog op die toekoms. En nou dat dit lyk of ons moeite haas sal beloond worde, ten minste deur erkenning en dank, nou wort ons eers gehaat en gesmaad van verskillende kante.

Ons het 'n blad opgerig, teeno'er die sterkste vooroordele en die bitterste teenstand Ons het begin met minder as 50 intekenare; sonder geld; sonder invloed. En binnen 3 jaar tyd is ons blad so toegeneem, dat hy nog mar 3 Hollanse koerante ken in heel Suid Afrika wat meer intekenaars het as hy, en gen een wat so druk en graag gelees wort nie; en as syn intekenaars so bly toeneem, sal dit nie lang duur nie of hy is die ander verby. Nou, die grote meerderheid van ons intekenaars is mense wat nooit ver koerante ingeteken het nie. En ons dog al die tyd dat die man 'n grote weldaad an syn volk bewys, wat hulle tot lees breng.

Dan verder. Deur in die taal van die bevolking 'n blad uit te ge, het ons nie alleen *lees*lus, mar wat meer seg oek *skryf*lus opgewek by onse bevolking. Week op week blyf 'n boel briewe o'erle wagtende op plaas. Die mense voel dat hulle nou nie langer soos doofstomme hoef te sit nie. Dis iets wat alle teenstanders tot nog toe nie *kon* of nie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*wou* sien nie. Hulle hou mar daarop: "die mense kan goed Hollans *verstaan*. Nou, ons het honderde getuigenisse dat dit in die regel nie so is nie. Mar dan nog, al sou ons dit toege, dan vraag ons nog: hoe veel van onse bevolking kan hulle *uitdruk* in Hollans of Engels? 'n Taal is tog net so goed die voertuig om jou gedagte uit te druk, as om 'n ander syn gedagte te verneem. Dit het al ons teenstanders tot nog toe misken, en daar is nie een wat in staat is om ons posisie op die punt te bestry nie. Die bevolking voel dan oek die mag, daarom noem hulle die *Patriot*: "*ons* koerant." En daarom skryf hulle so fluks daarin en begin hulle gedagtes uit te spreek. Ons dog dat dit 'n grote weldaad is om 'n volk wat verstandelik geboeid was in die ergste slaverny, die tong los te maak dat hy syn regte kan verdedig.

Ons het 'n nasionaliteitsgevoel help opwek, wat sig al kragtiger op verskillende punte openbaar, en waaran so'n behoefte was in ons land, en wat veel goeds beloof ver die toekoms. Van alle kante kom getuigenisse: "Die *Geskiedenis van ons Land* is die lig van Suid Afrika wat ons oge lat ope gaan het" "Die *Patriot* het ver ons geleer dat 'n Afrikaner oek 'n reg het." Ens. En ons dog dat ons heel wat dank verdien het daarvoor.

So sou ons kan vortgaan. Mar dis onangenaam om genoodsaak te wees op syn eie dade te wys. Mar hier is dit noodsakelik, want die ander korante doet dit nie; hulle haat en smaad ons so veul as hulle kan. Buiten 'n paar klein distrikskorante wat net uitkom ter wille van die advertensies, *kan* ons net die *Zuid Afrikaan* noem as 'n blad wat 'n onpartydig stilswyge bewaar het, wat die redaksie angaat, mar korrespondente het die stilswyge goed gemaak deur daarin gal teen ons uit te braak so veul as hulle kan. Korrespondensies teen ons daarin alleen, by makaar gedruk, sou 'n mooi groot boekdeel uitmaak. Dan die *Volksblad* is oek 'n gunstige uitsondering in die laaste tyd. Eers wou die blad ons volstrek nie erken nie; en nou erken hy tog dat die *Patriot* opgang maak by 'n deel der bevolking; dat hy druk gelees word, ens.

En dit is nou al genade. Verder is dit vuur en vlam. 'n Hele resiment van vyande staat rondom ons. Eers wou hulle ons *dood swyge* deur gen notisie van ons te neem nie. Mar nou die saak te sterk toeneem, wort die vryandskap openbaar en nou wil hulle ons *doodslaan* of *doodtrap* soos een van hulle geseg het.

Ons seg 'n hele resiment vyande het ons rondom ons. Pas dreig die *Argus* ons met England syn lange arm en sware hand, of die *Cape Times* wil ons doodtrap met 'n lompe Engelse voet. Skaars lat hy ons los, of die *Graaff Reinet Advertiser* verguis ons met die hardste woorde wat hy kan kry, en toon dat hy ons sou ver*gruis* as hy kon. Nouweliks begin die Transvalers te erken dat ons ver hulle regte pleit, of die *Volksstem* maak ons veragtelik, ten minste so ver as hy kan. Syn onmag is pas geblyk en die *Patriot* begin net mooi wortel te skiet in die Vrystaat, of die *Express* wil ons met wortel en tak uitroei as hy kan. En nader kom die vyande, nouwer word die cirkel, nes hulle ons wil dooddruk. Daar vlieg Meneer W............ van Richmond op, nes 'n reus Goliath, en tel syn magtige 'penneswaard' teen ons op. *Zuid Afrikaan, Volksblad,* en *Era* moet syn orakels teen ons uitbasuin (gewillig, of nie?). *Colesberg Advertiser* voel dieselfde woede, mar het nix te se, en neem dus een van die drogredes van W........... syn stuk oor. Die *Era* voel weer dat W .......... syn stuk laf en kragteloos is, en neem nog die lastertaal van die *Express* o'er. Mar né, hulle kom nog nader. Ds.. ........... van R ...... en die kerkeraad van P......... val ons in ons eie blad an. In een woord, ons sou in die laaste tyd net die hele *Patriot* wekeliks kan vul, met wat daar direk of indirek teen ons geskrywe wort

Een troos ver ons lesers ver ditmal: Dis 'n gek wat 'n knopkirie opneem om 'n vlieg dood te slaan. Of liwers: dis 'n sotte koning wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

'n hele leger oproep om 'n muis in syn klerekas te kom vang Oordeel dus self o'er die wysheid van ons teenstanders wat so'n lawaai maak teen die nietige, veragtelike *Patriot!*"

Tot sovèr Oom L. Ons gee nog 'n paar stukkies wat hierbij te pas kom, en wat ons openbaar hoe grof die vijandskap was:

Die "Cradocksche Afrikaner" het gesê: "Dit blad (Patriot) komt ons geregeld ter hand. Daar het in een taal geschreven is, geschikt voor halve barbaren, nemen wij zelden de moeite het te lezen. De gehele geschiedenis van "De Patriot" is armzalig. Halfgeleerde Griquas zullen zeker smaak vinden in het blad." (*P.* 1 Jan., '80).

Die "Colesberg Advertiser" seg van "Patriot", omdat die sig sou verheug oor die terugtog van Engelse troepe uit Kaboel: "Wij zijn tegen de doodstraf, maar wij zouden gaarne een punt trekken—en een touw ook—ten gunste van de oproerstoker, die de uitgever is van dat vuile lor." (*P.* 30 Jan., '80).

Die bontste het egter die Perlse korrespondent van die "Transvaalsche Volksvriend" dit gemaak. Hij skrijwe aan sijn koerant:

"Een Kaapse tijdgenoot zegt dat in Ierland ook rebellen zijn, maar wat zij schrijven is tenminste aardig, en er is toch wat aan. Maar wat zullen wij van de oproerige taal van die *Afrikaanse Patriot* zeggen. Hij wil niet alleen de mensen rebellen en allemaal Dompers maken, maar zij moeten Hottentotten ook worden. Wij kennen deze *Patriot* niet; misschien is hij de blankste der blanksten, maar als wij op zijn taal afgaan, was zijn overgrootmoeder, of wie weet in welk geslacht, stellig een meid. Zijn taal is de taal die men van de meiden op straat hoort. Reis eens op de spoorweg en behalve een enkele extra vriend van "die Patriot" zal men van geen fatsoenlik Afrikaner zulke Hotnotstaal vernemen. Ga maar voort Patriot, verlaag maar uw volk, bederf de zoetvloeiende Uitlandse taal en gij zult in de hand werken wat gij het meest verafschuwt, namelik dat Engels de taal zal worden die elk fatsoenlik mens zal spreken" (*P.* 23 Apr. '80.)


Ook 'n bekende predikant het ellelange artikels teen Oom L. geskrijwe in die "Z. Afrikaan". Ons gee 'n paar stukkies daaruit, nie juis om die oue rusie op te haal nie, maar omdat daarin die verdienste van die Pêrlse blad erkend word. Daar is dit ons om te doen. Die predikant sê:

"Wee de man die iets zegt of schrijft tegen de *Patriot*! Wee de man die de balk in des *Patriot's* oog aanwijst! Wee de man die het waagt, één honderdste gedeelte tegen de *Patriot* te zeggen of te schrijven van hetgeen hij tegen Gods

Digitised by the University of Pretoria, Library Services




Wapen van die "Genootskap van Regte Afrikaners."




Gedenkskool Gebouw.



Ds. Du Toit
als jonge predikant

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

DIE

# Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."—*Het vijfde Gebod.*

DEEL I.] SATURDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

## "DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek jullo verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hullo wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in die voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

"AFRIKAANSE PATRIOT,'

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een "*Patriot*" is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:—klein, maar fluks.

Op die 15 van ider maand kan jullo een besoek van die "Patrjot" verwag, en ek is seker, hoe meer jullo hom lees, hoe liewer jullo hom sal kry. En hoe meer intekenaars julle ver hom sal besorge, hoe meer jul jullo dankbaarheid sal betoon! Ek sê; *teken in! dis maar* 5 *sielings in die jaar! Sê an al jullo vrinde, teken in ver die "Patriot," dis mar* 5 *sielings in die jaar!* Myn skepsels! wat is 5 sielings ver een "Afri-

**Bowestaande is 'n letterlike afdruk van die eerste bladsij van die Afrikaanse Patriot, No. 1. Dit was toen 'n boekie van 16 bladsije.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

dienstknechten gezegd of geschreven heeft! Het ware hem beter......

Of er in het bovenland veel waarde gehecht wordt aan de hatelike en onchristelike aanmerkingen van de *Patriot*, weet ik niet; maar hier in het onderveld is de *Patriot* Evangelie, ja meer dan Evangelie. Hier heeft hij bepaald schadelik en verderfelik gewerkt." (*P.* 4 Junie '80).

In 'n later skrijwe is dieselfde predikant wat kalmer en getuig:

" Dat de *Patriot* de leeslust onder onze boerenbevolking op gewekt heeft, stem ik volgaarne en verblijd toe. Op een kinderlike wijze en in een kinderlike taal is er tot het kind gesproken. Dit is goed, recht, prijzenswaardig. Doch het gaat niet om de groeikracht van het kind te onderdrukken. " Toen ik een kind was," zegt de Apostel, " sprak ik als een kind, maar, enz." Laat dit het motto worden van de *Patriot*, en alles komt nog een dag recht." (*P.* 2 Julie '80)

Karakteristiek is ook nog dit, uit die no. van 15 Julie, '81:

"'n Vrind skrijt :—" As jy wil diaken of ouderling worde in ons gemeente teken dan tog nie in ver die *Patriot*; of as jy al ingeteken het, bedank dan, anders word jy uit die Synagoge geworpe" Hy verhaal hoe laas 'n paar kerkeraadslede by 'n warme Afrikaner was, om die man om te praat dat hy tog ver die *Patriot* moet bedank; want hulle wil hom so graag kerkeraad maak, en so lank as hy *so'n grote sondaar is*, wat die *Patriot* lees kan hulle hom nie kies nie.—Hy het hulle warm gemaak, daar kan jy op reken."

### OOM LOKOMOTIEF S'N SONDE.

In Des., 1878, het Oom L. nie alleen sijn vijande nie, maar ook sijn sonde beskrijwe. Ons haal die stuk nie aan nie, omdat dit te vinde is in die "Gesk. van die Taalbeweging". Nadat Oom L. eers uitvoerig die lesing van sijn vijande gegee het, eindig hij met *self* sijn sondes op te noem:

" *a) Ons is te Afrikaans.* Ons is nie heeltemal Engelsgesind, soos *Cape Times, Graaff Reinet Advertiser*, ens., ens. Ons is nie tweslagtig, half Engels half Hollans, soos *Era, Colesberg Advertiser*, en ander nie. Ons wil nie, met 'n bietjie Hollans ver die naam, die Engels help invoer nie. Ons is Afrikaans—heeltemal Afrikaans met hart en siel. Dis sonde nommer één.

*b) Ons is te Godsdienstig.*—Ons wil Gods woord en syn naam en eer oral geëerbi d'g hê. Ons misken d'e Opperwese nie, nes die ander koerante nie. En hier is 'n vername bron van al die bittere vyandskap. D'e Bose kan ons nie verdra nie. H'er is sonde nommer twe.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*c) Ons is te rondborstig.*—Ons kom nit ver die waarheid, sonder ansien van persoon. Ons noem elke ding by syn naam. En daarom mag ons oek wel met Paulus se: "Ben ik dan uw vyand geworden u de waarheid zeggende?" (Gal. 4: 16). Dis ons derde sonde.

*d) Ons is te voorspoedig.*—Ons intekenare neem te sterk toe. Die *Patriot* gaat straks alle koerante verby. Dit kan hulle skade doen......En dis ons laatste grootste sonde, en is die eintlike oorsaak van al die vyandskap."

Hiermee eindig ons vereers die geskiedenis van die wonderlike Afrikaanse Ismaël. Ja, sijn hand was teen almal, en almal s'n hand was teen hom!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## HOOFSTUK VI.

### *DIE AFRIKAANSE TAAL.*

Omtrent hierdie onderwerp is 'n bekende werk verskene van die hand van Ds. Du Toit, n.l. die "Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging."

Terwijl ons die belangstellende leser daarheen verwijs word hier net vermeld, wat als aanvulling bedoeld is, of als noodsakelike vermelding van bekende en onbekende feite.

Die bedoelde "Geskiedenis" sê, dat Afrikaans al in 1861 geskrijf werd, ter bevordering van die Separasiebeweging, wat toen in die oostelike Kaapkolonie aan die gang was. Bedoeld is die samesprake van Klaas Waarsegger en Jan Twijfelaar, waarvan die skrijwer waarskijnlik 'n Engelsman was. In ieder geval was die doel Engels, n.l. om die Setlaars los te maak van die Weste, wat naar hul gedagte te Hollands was.

In verband hiermee is belangrijk wat die "Patriot" van 29 Julie 1881 meedeel. Daar word selfs 'n tweede Engelsman genoem, wat Afrikaans als skrijftaal sou gebruik het. Daar staat:

> " Die idé om Afrikaans as *skryf*-taal te gebruik—nie slegs om snaaks te wees en laglus op te wek of uit spotterny soos deur sommige voorgestel word nie—is veul ouwer as die *Patriot.* Onlangs vertel 'n ou man ons dat hy reeds voor ongeveer 30 jare an syn kinders geseg het dat hulle moet skrywe soos hulle praat. 'n Episkopale predikant deel ons mé dat hy 'n geskrewe preek in besit het, in *Afrikaans* geskrewe, lang voor die Afrikaanse Taalbeweging begin het. Die preek is geskrewe deur een van syn ampsbroeders wat al lang dood is, en an hom gegé om dit ver syn gemeente voor te lees, Dit een en ander in aanmerking geneem, dan is dit nie so heel korrek om die Afrikaanse taal *Patriot*-Taal te noem nie."

Na die gemelde Samesprake noem die "Geskiedenis" Klaas Waarsegger (Mnr. C. P. Hoogenhout), wat Gesprekke laat druk het tussen Oom Jan Vasvat en Neef Daantje Loslaat. Dan volg die warme bepleiter van Afrikaans als volkstaal in die "Z. Afrikaan", n.l. Ware Afrikaner (Ds. S. J. du Toit). Dit was in 1874. Daarna het in dieselfde blad verskijn die korrespondensie tussen hom en Klaas Waarsegger Jr. Daarin word al taalreëls vasgestel, planne vir samewerking gemaak en die uitgaaf van boeke besproke. In Mei,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services